# Hoofstuk 2

## Die invloed van die *communitas*-fase op die NG Kerk ná 1994

### 2.1 Inleiding:

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, beleef Suid-Afrika tans die sosiaal-maatskaplik en ekonomiese onderstrominge wat deel is van die Afrika kontinent. Daar is ŉ voortgaande proses waarin ŉ herverdeling van hulpbronne, rykdom, werksgeleenthede en status plaasvind. Grondhervorming is ŉ brandende vraagstuk, nadat regstellende aksie en swart bemagtiging ná 1994 hoog op die sakelys geplaas is. Die gee van grond aan die arm massas, word (soos in Zimbabwe) as ŉ remedie gesien. Ten spyte daarvan dat Suid-Afrika ŉ meer stabiele ekonomie het, omdat daar nie meer buitelandse beperkinge op hulp en kommoditeite is nie, neem die armoedevraagstuk toe omdat werkverskaffing nie met die ekonomiese groei van die land tred hou nie.

Die gevolg is dat ŉ wêreldwye probleem, verstedeliking, met gepaardgaande armoede, werkloosheid en gesondheidsvraagstukke, ook deel geword het van die Suid-Afrikaanse konteks: plakkergebiede skiet soos paddastoele op. Daar is ŉ ongesonde bevolkingsaanwas, geleidelike verarming onder die meerderheid (ironies genoeg word die rykes ryker) en die HIV/Vigs-pandemie eis volgens die Wêreldgesondheidsraad ŉ massiewe tol (Vergelyk ook Cilliers 2007.) Naas bogenoemde maatskaplike en ekonomiese faktore, speel die verskuiwing van norme in die samelewing ŉ groter rol as wat verwag is (Vergelyk Hendriks 1992:7). Op sosiale vlak het groot ontwrigting in landelike gemeenskappe plaasgevind omdat die rol van die vrou in stedelike gebiede verander het. Dit bots met die statuur van die vrou in kultuurgemeenskappe waar tradisionele leiers stamtradisies handhaaf. Op politieke vlak pas die jonger geslag makliker aan by die emansipasieproses en die nuwe gesagsposisie wat vroue beklee.

Hierdie gebeure het ook ŉ effek op die kerk. Veral die NG Kerk bevind haarself in ŉ totaal nuwe herposisioneringsproses wat nie alleen politieke, sosiale en maatskaplike verandering teweegbring nie, maar wat te midde van die onsekerheid van die tydvak waarin die kerk ŉ bediening beoefen, ook verandering in aanbiddingstyl, teologiese besinning en bediening vereis. Vir baie lank was die oriëntasie van die kerk landelik met ŉ tradisionele volkskerkstyl. Die kerklike tradisie het al die antwoorde verskaf. Kerkleiers het 'geweet' wat die Skrif sê. Daar was sekerheid oor bykans alles. Vrae is as twyfel en onsekerheid geag en het nie regtig by gelowiges gepas nie. Denke anders as die gangbare in die kerk is maklik as 'hoër' kritiek op die Skrif gesien. Andersdenkendes het in elk geval nie maklik media aandag ontvang nie, omdat die kerk via die regering toegang tot sensorskap gehad het. ŉ Voorbeeld hiervan was die Vorster & Vorster era. (Koot Vorster, Moderator van die Algemene Sinode en mnr. J.D. Vorster, sy broer, Eerste Minister van die Republiek van Suid-Afrika.) Etienne le Roux se roman, **Een vir Azazel**, (1964) is gesensureer. Dit word vertel dat toe 'n verslaggewer Koot Vorster genader het oor sy opinie hieroor en toe hy gevra is of hy

die boek gelees het, was sy kortaf antwoord dat hy saamstem met die literêre sensuur en nie 'gemors' lees nie.

- Van die outoritêre leierskapstruktuur van vóór 1994, waarin die orde van Algemene Sinode, Streeksinode, Ring en Kerkraad gegeld het, met 'n noue verbintenis aan die ideologie van die owerheid, is daar die afgelope twaalf jaar gevorder na een waarin kerkrade al hoe meer outonome besluite oor gemeentelike, kerkorganisatoriese en teologiese aangeleenthede neem. Ringe funksioneer in die meeste gebiede in die land net omdat die **Kerkorde en Bepalinge** dit van gemeentegroeperinge verwag. Sinodale besluite is in baie gevalle ook nie meer die finale antwoord vir gemeentes nie, met die gevolg dat die vaste en breë kerkverband van vyftien jaar gelede veel meer informeel geword het. Dit kan gesien word in die huidige rondetafel-styl van sinodale vergaderings.
- Kerkleierskap op sinodale vlak het in die huidige oorgangsfase 'n veel laer profiel. Hieroor kom daar dikwels verwyte van lidmate wat voel dat kerkleiers nie meer in staat is om besluite te neem nie. Dit is nie noodwendig die geval nie: leiers verdiskonteer die heroriënteringsfase net versigter as vroeër. (Daar word later in die hoofstuk verder aandag hieraan gegee.)
- Die vraag wat onmiddellik na vore kom, is of die NG Kerk ná 1994 wel voldoende aangepas het in 'n totaal veranderende samelewing. Die effek van die veranderinge het lidmate op baie vlakke geraak. Omdat min dinge nié verander het nie, moes die kerk noodwendig ook verander. Vanuit 'n tyd van sterk, inspirerende en outokratiese leierskap, word daar nou beweeg na 'n tipe dienskneg-leierskap wat mense bewus maak van die nuwe rol wat die kerk moet vervul. Dit het nog nie in die breë in die kerk neerslag gevind nie. Kerke met 'n gereformeerde agtergrond is waarskynlik die moeilikste 'organisasies' om te verander. Kerkleiers is ook huiwerig omdat daar versigtig omgegaan word met *risiko's verbonde aan godsdienstige leierskap* (Vermeulen 2002:16).

### 2.2 Bedieningskonteks van die NG Kerk in 'n *communitas*-fase

Ten spyte van ekonomiese oplewing en skynbare welvaart in Suid-Afrika, beleef inwoners van die land baie onstabiliteit en onsekerheid. Dit is waar van die grootste gedeelte van die bevolking, maar veral vir diegene in die bedieningsveld van die NG Kerk. (In die vorige hoofstuk is na van hierdie gebeure verwys.) Die vraag is nou : Hoe bedien die kerk in só 'n oorgangstyd en hoe weet die kerk dat dit 'n herstruktureringstydperk is?

#### 2.2.1 *Communitas* as fase van onsekerheid

Die geskiedenis van die kerk dui daarop dat daar al baie *communitas*-fases was. Heitink haal Ernst Troeltsch (1865-1923) aan wat in 'n boek **The social Teachings of the christian Church** (herdruk in 1960), reeds in die vorige eeu uitgeroep het: *Er wankelt alles*! Met hierdie woorde som hy die onsekerheid en veranderlikheid van sy tyd op. Godsdiens en kerk is vasgevang in die tyd en daarom onderhewig aan verandering. *Daarom kon Troeltsch niet zoveer meer met de klassieke theologie en haar normatieve waarheidsbegrip. Toch schreef hij religie niet af* (Heitink 2001:16).

- Heitink se standpunt is dat godsdiens fundamenteel in die mens self gesetel is, al verander alles om hom. Hy interpreteer Troeltsch se woorde binne die konteks toe Nederland nog redelik vry van kerklike skokke was. Die teologie was tradisioneel en die denke in die Calvinisme geanker. *Ondanks de opkomst van de historische kritiek en de moderne theologie was van wankelmoedigheid nog weinig te merke* (Heitink 2001:16).

- Küng (1970:11) skryf dat in die wêreld waarin die kerk leef, die toekoms reeds begin het. *De greep naar de microcosmos en naar de makrocosmos, naar het atoom en het heelal, de steeds snellere en volmaaktere communicatie-en verkeersmiddelen, de grote hoeveelheid pas uitgevonden instrumenten, synthetische stoffen en gerationaliseerde productiemethoden, de verlenging van de duur van het mensenleven met tientallen jaren, grandioze successen van de fysica, de chemie, de biologie, de geneeskunde, de psychologie, de sociologie, de economische wetenschappen, de historische wetenschappen... Alles bij elkaar genomen – ondanks de wereldhistorische catastrofen en dreiginggen die het lot waren juist van onze eeuw – een in deze veelheid en snelheid gewoonweg adembenemende vooruitgang: de hoog getechniseerde volken van Europa en Amerika verspreidden hun wetenschap over de aarde, en de volken van Azië en Afrika ontwaakten, de wereld werd één, en er vormden zich een wereldeconomie, een wereldcivilisatie, misschien ook een wereldcultuur.* Die vraag vanuit hierdie stelling is of die kerk besef dat hierdie waarheid lidmate intens raak, omdat hulle tans in ŉ die sogenaamde *global village* leef en hulle daaglikse brood daar moet verdien.

- Küng (1970:149) vra of die kerk in hierdie omstandighede ŉ *toekoms* het? Hierdie vraag is relevant in die huidige soeke na die sin van kerk wees en die bepaling van wat kerkleierskap behoort te wees. Küng stel dit duidelik dat die kerk ŉ *hede* het. Dié hede pas in by die lewensaktualiteite en omstandighede waarin lidmate lewe. Dien die kerk en haar leierskap lidmate egter met ŉ bediening wat in die tydsgewrig pas? Dit is die kernvraag. Dit was ook die vraag vir die kerk in haar vormingsjare. Vrae oor, byvoorbeeld, die Godheid van Christus (Arius 256-336 n.C.), die twee nature leer in die 4de eeu en die stryd om duidelikheid oor wat genade werklik beteken, toe Pelagius, ŉ Ierse monnik, daarop gewys het dat die mens wel ŉ bietjie goed in hom/haarself het en nie by geboorte al verworpe en verdoem deur die sonde is nie. Sy standpunt was daarop gegrond dat die *omstandighede en ontwikkeling* van die mens hom/haar blootstel aan sonde en dat *kultuur en omstandigheidsgebeure* die mens bedorwe kan maak. (Vergelyk Berkouwer & Toornvliet 1949:37-38.)

- Küng (1970:149) sê: *De reële kerk is integendeel de kerk van God bestaande uit mensen in de wereld voor de wereld.* Die tyd is verby dat ons soos die vroeë christendom vanuit ŉ asketiese lewenshouding, waarvan die talle kloosters op die heuwels in Italië so sterk herinner, die wêreld slegs as sleg en boos mag sien. Daarmee word die eskatologiese verwagting van die vroeë kerk nie verwerp nie. Dit word net in breër perspektief geplaas. Hulle wêreldbeskouing was oorwegend negatief. Die aarde was ŉ plek vol onheil en boosheid en blootgestel aan die magte van sonde en dood. Die demoniese het geheers. Die 'vlees' het teen die '(G)gees' gestry, dus kon daar nie van ŉ

goeie verhouding met die 'wêreld' sprake wees nie. Daarom moes die mens hom van die 'wêreld' afsonder.

Vandag is die vraag nie tot hoe ŉ mate die kerk haarself kan afsonder nie, maar hoe sy in die samelewing betrokke moet raak.

**2.2.2 *Communitas* en kerklike betrokkenheid**

Uiterlik beoordeel, lyk dit asof al hoe minder mense meedoen aan gemeentelike aktiwiteite, maar dat die wat wel nog by die gemeente betrokke is, relatief meer aktief inskakel en verdiepte spiritualiteit beleef.

- Op sy onlangse besoek aan Suid-Afrika by die NG Gemeente Skuilkrans in Pretoria, het George Barna gesê: *Al hoe meer mense word moeg vir kerke wat godsdienstige speletjies speel in stede daarvan om te doen wat God van hulle verwag. Hulle verlaat die kerk om op hul eie ŉ verskil te probeer maak. In die VSA het twintig miljoen mense dit reeds gedoen.* (**Kerkbode** 24 November 2006; vergelyk ook Barna se boek, **Revolution** 2005.)

- Jamieson noem die wegbreekgroep die 'revolusionêre' wat weier om individuele pastore se visies na te jaag en geld vir die oprigting van monumentale geboue en manjifieke kampusse te gee. Hulle stel slegs daarin belang om die boodskap van die kruis en die betekenis daarvan aan die massas oor te dra.

- Hendriks (1990:9) wys ook op hierdie verskynsel, maar rig terselfdertyd ŉ waarskuwing daaroor: *Het lijk er op alsof zij de crisis willen overwinnen door er nog een schepje boven op te doen. Maar het lijk allemaal niet echt te helpen. Ook de doorzetters worden er moe, soms moedeloos van. Want vaak blijkt al dat zwoegen slechts te leiden tot steeds minder van hetzelfde. Steeds duidelijker dringt het besef door dat we er zo niet komen. Daarvoor zit de crisis te diep. Het is niet voldoende de dingen goed te doen; we moeten opnieuw leren de goede dingen te doen."* Hy impliseer hierdeur dat gemeentegroei nie geskied wanneer die kleiner wordende gemeente meer aktief is nie, maar wanneer hulle aktueel betrokke raak omdat hulle ŉ gees van verdieping ervaar en die kerk vir hulle in ŉ tyd van onsekerheid ŉ herberg, ŉ plek van sekerheid word.

- Wanneer daar oor die aktuele betrokkenheid van die gemeente gepraat word, is daar drie sake van belang**:** omgang met die Here, gemeenskap met mekaar en diens na buite. Die geheim van vitaliteit lê hierin veranker en nie noodwendig in die ontleding en herstrukturering van die gemeente nie. Groei sal plaasvind as die kern van die gemeentelike bestaan vernuwe word.

- Oorgangstye inisieer paradigmaverskuiwing ten opsigte van ou, vaste, tradisionele beskouinge. Gemeentes wat hierdie verandering eietyds kan vertolk en dit toepas, het binne ŉ oorgangsfase ŉ anker en toekomshoop.

- Die taak van die kerk is om kérk te wees vir die mense binne óns tyd. Hendriks (2002:13) wys daarop dat die kerk ŉ gasvrye herberg moet wees.

Die kerk is nie net *die voorsiener in die tuiskomsbehoeftes* van mense nie, maar bied ook *aangename en bevredigende verblyf*. Die mens van ons dag soek nie net na ŉ intellektuele spiritualiteit nie: hulle het ook behoefte aan ŉ herberg, ŉ *tuiste*. Hy/sy wil êrens behóórt.

- Wanneer daar oor vernuwing in die kerk besin word, is dit nie slegs liturgiese kosmetiek wat aandag vra nie. Daar moet bepaal word of die kerk vir mense ŉ tuiste bied.

- Die kerk is immers die kerk van die eindtyd. Dit moet die *Qehal Yahweh* bly, die volk, gemeente, kerk, Bruid van God! Die woord 'kerk' het ŉ noue verbintenis met Theoderic die Grote wat langs die Donau gewoon het. Afgelei van die Bisantynse volkswoord *kyrike,* wat beteken om *aan die Heer te behoort,* verwys dit naas die *vergadering* van gelowiges, ook na die in die *huis van die Heer* (Küng 1970:47).

- Die leiershandeling wat hierdie eienskap van die kerk moet skep, is nie net die verantwoordelikheid van ŉ paar mense nie, maar moet gerig wees op geestelike ontdekkinge op die *trektog* (groei) van die *gemeente*. Gemeentevernuwing (gesien in die breedste konteks van die begrip, nl. die bybly by dinge wat aktueel vir die dag is), kom nie van enkele leiergroepe nie. Dit is ŉ behoefte wat vanuit die gemeente gebore moet word. Dán volg gemeentebetrokkenheid as logiese volgende stap.

- Die vraag is of dit in makro-gemeentes ook so gebeur? Word die wêreld van die makro-gemeente nie net te groot vir die individu nie en is dit nie ŉ *groep* (in die sin van ŉ strategiese leidingsgroep) wat daar die leiding gee nie? Die rol van die kerk of gemeenteraad in die groot gemeente is van uiterste belang. Húlle is die motiveerders en leiers wat die rigting van die gemeente moet bepaal. Húlle behoort lidmate met hulle sáám te neem en in hierdie proses betrokke te kry. Vernuwing het altyd te doen met die wese van die Christelike geloof. Dit is ŉ terugkeer na die 'kern' van geloof.

- Volgens Burger (1995:56) is vernuwing en betrokkenheid in die gemeente rondom die kleingroepe gevestig. Tradisionele wyksbyeenkomste bied nie die nodige ruimte vir vernuwing nie. Vernuwing en herlewing in die gemeente is die behoefte wat lidmate het om, naas die erediensbyeenkoms, ook nog byeenkomste in ŉ kleiner groep te hou, omdat die na-moderne mens behoefte het aan persoonlike skakeling. In ons tyd het onderlinge verhoudinge en bande in die samelewing tot niet gegaan. Veral jonger mense het behoefte om by ŉ kleiner groep betrokke te raak en daar pastorale versorging (*caring*) te vind. Onsekerhede skep by mense die behoefte om hulself iewers in ŉ kokon van sekerheid en geborgenheid toe te spin.

- Hoe kan die kerk in tye van vervreemding weer lewenskragtig word (Hendriks 1990:15)? As alles onseker is, is die kernkwessie hoe ŉ gemeente werklik opgebou word. Mense is minder betrokke by die funksie van die gemeente en voel hul nie bloot om sentimentele aan gemeentegrense gebonde nie.

- Die redes vir die skynbare onbetrokkenheid van mense is redelik kompleks en kan nie sonder sosiologiese ontleding interpreteer word nie. *Dit is reden tot zorg, want daarmee staat het geloven zelf op het spel: voor geloof hebben we een gemeente, een kerk in welke vorm dan ook nodig. Dat is sociaal – wetenschappelijk en theologisch volstrekt evidend* (Hendriks 1990:15). Dit is 'n sosiologiese feit dat groeperinge, ook geloofsgroepe, alleen kan bestaan indien daar 'n sosiale struktuur is wat die groep dra. Dit beteken dat 'n gemeente alleen kan bestaan indien daar groep mense (lidmate) is wat saamwerk. 'n Groeiende verskynsel is dat baie lidmate nie aan gemeentelike bedrywighede meedoen nie. Hulle woon eredienste by en plaas selfs 'n offer in die kollektebord, maar hulle is nie ingeskrewe lidmate nie. Die vraag kan tereg gevra word of kerklikheid sonder godsdienstigheid en godsdienstigheid sonder kerklikheid kan bestaan?

- Binne die geloofsgemeenskap, wat 'n verbondsgemeenskap is, is deelname belangrik. Dit is moeilik om buite die 'gelowige-groep' om te bestaan. Die mens is 'n kommunikatiewe wese wat sy naaste nodig het. In die meeste verwysings in die Bybel word die mens in 'n naasteverhouding geplaas. Firet (1974:161) wys juis daarop dat die wese van die Pinkstergebeure daarop gedui het dat die vervulling met die Heilige Gees mense in verband met mekaar stel: *en de enkeling in de gemeente ontvangt de Heilige Geest krachtens zijn toebehoren tot en in verbondenheid met het geheel.* (Vergelyk ook de Roest 2006:61 e.v.)

- Die probleem is om die mense by die gemeente in te skakel – partisipasie te bewerk, en om hulle tuis te laat voel in die binnekring van die kerk. Hendriks se 'herberg' behoort dié plek te wees waar mense met pyn kan tuisgaan. Annes Nel (2003:13) wys daarop dat baie pyn búite die kerk, juis déúr die kerk veroorsaak is. Die relevante vraag hier is hoe hierdie *verlooptes* weer binne die gemeenskap van die gelowiges akkommodeer kan word.

- Wanneer kerkstatistiek in ag geneem word, is dit duidelik dat die gevestigde kerke in Suid-Afrika (Anglikane, Metodiste, Presbiteriane, Lutherane, Baptiste, Gereformeerde groepe en Rooms-Katolieke) wat kerkgroei aan betref, op enkele uitsonderings na, in 'n afwaartse groei-fase inbeweeg. Daar is 'n verskeidenheid van redes hiervoor. Afname van mense in belangstelling in die gewone kerklike praktyk, die rolverandering van die kerke ná 1994, die uittog van jong, professionele, blanke lidmate na die buiteland, die ontvolking van die platteland, lidmate wat uit die middestad na die randstedelike gebiede trek, is enkele van die redes wat vir hierdie tendens aangegee kan word. Verder beleef baie lidmate nuwere teologiese uitsprake as bedreigend (Snyman **Acta Theologia** 2001:114).

Verskillende oplossings word as antwoord en oplossing vir hierdie tendens aangebied (Hofmeyr 2002:244):

- Kerklike teologie moet opnuut op die leefwêreld van die lidmaat fokus.
- Lidmate moet gemotiveer word om roepingsbewus betrokke te raak by die gemeente se taak in die gemeenskap.

- Plaaslike gemeentes moet hulle bedieningspraktyke so aanpas dat hulle vir hulle omgewing relevant bly,
- Lidmaatverlies kan nie bekamp word deur programverbeterings of beter prosesbestuur nie. Dit kan alleen teëgewerk word deur die herontdekking van identiteit wat op die Christelike geloof en uitvoering van die gemeente se Bybelse opdrag gefundeer is,
- Die rol en etos van kerkverband moet herdefinieer word en kerkleierskapstyl moet by die behoefte van die tyd aangepas word.

Die skynbare onvermoë van die NG Kerk om as gesaghebbende instelling in 'n diensknegsrol by die huidige samelewing betrokke te wees, in teenstelling met die rol van regeringsvennoot soos in die politieke bedeling vóór 1994, is een van die redes waarom die kerk vandag sy saakmakende plek in die RSA kwyt is. Die kerk het byna geen stem meer in die veranderde gemeenskap waar aksies oor vigs, armoede, veiligheid en morele verval bespreek word, nie. Kerklike antwoorde en reaksie op aktuele sake is dikwels traag of bly agterweë.

- Die NG Kerk funksioneer skynbaar op 'n ander terrein as die aktuele gebeurlikheid van die dag en maak min hond haar af met sementvloere gooi of dakke opsit vir sending kerkies tydens jeugwerkerskampe. Die *onvermoë* van die kerk in hierdie verband, staan soos 'n seer duim uit. Dat daar in kerklike kringe baie gepraat word en sporadiese optrede en oproepe oor van hierdie sake is, is waar. Die kerk word egter nie deur spoedige, daadwerklike en volhardende optrede gekenmerk nie. Daar is soms slegs sprake van samewerking met ander kerke in uitreikaksies wat armoede, nood en gemeenskapsbediening raak. Slegs enkele gemeentes het hulle in die nuwe bedeling tot die breër gemeenskap verbind. Wat van die kerk en haar leiers verwag word, is 'n sterk, breë en duidelike betrokkenheidsbewussyn.

- Na die massiewe Tsoenami-ramp wat Indonesië op 26 Desember 2004 getref het, het dit die kerkleiding 'n paar weke geneem om te besluit om deel te hê aan die wêreldpoging om die geteisterde gebiede te help. (In ag genome dat dit oor die Kerstyd gebeur het.) Dié hulp was uiteindelik beperk tot die eie – die Reformed Church gemeente in Sri-Lanka. Die kerkleiding het diens aan die ánder, die naaste, misgekyk en so 'n geleentheid verspeel om ook vir nie-gereformeerdes tot hulp te wees.

### 2.2.3 *Communitas:* Tyd vir teologiese herbesinning

Met sy aanstelling as die nuwe Pous, verklaar Benedictus XVI (Kardinaal Joseph Ratzinger), op Maandag 18 April 2005, dat die Rooms-Katolieke Kerk konserwatisme as uitgangspunt vir sy doktrine (kerklike leer) kies, omdat alles in die teologie tans 'gerelativeer' word. Hy doen hierdie aankondiging aan die wêreldpers wat by die plein van die St. Peterskerk in die Vatikaan teenwoordig is, (**Burger** 19 April 2005). As Hoof van die Gemeente van die Leer van die Geloof (die opvolger van die Middeleeuse Inkwisisie) is hy 'n voorstander van 'n oorheersend ortodokse rigting in die Rooms-Katolieke Kerk. Die vraag is of so 'n standpunt lewe (vitaliteit) in die Rooms-Katolieke Kerk gaan blaas in 'n tyd waarin diskussie juis oor absolute waarhede handel. Sal voortgaande verset teen kondome, vroulike en getroude priesters, homoseksualiteit, aborsie en die bevrydingsteologie die na-moderne mens

aanspreek? Sal die Roomse Kerk se sterk standpunte teen diktature, ongebreidelde kapitalisme en materialisme die kerk in die volgende dekade as groeiende kerk indra? Dít terwyl die grootste uitdaging vir kerkleiers is om die kerk vir haar lidmate meer relevant te maak sonder om dít wat die kerk uniek maak, weg te neem.

Soos die Rooms-Katolieke kerk, staan die Protestantisme ook voor uitdagings. Die Protestantse kerk het nie altyd gunstig reageer op die talle onsekerhede wat in die kernbelydenis van die Christelike kerk vervat is nie. Die kerk wil graag 'n suiwer dogmatiek onderskryf, maar kom dikwels in botsing met die oorgelewerde dogmatiek vanuit die tradisie. Een van die tragiese gevolge van die Reformasie was dat die Pous en die kerklike tradisie in die Rooms-Katolieke kerk die waarheid naas en op gelyke vlak as die Bybel begin verteenwoordig het. Die Reformasie het ongelukkig nie heeltemal daarin geslaag om die oorgelewerde leer van invoeginge te suiwer nie. Byvoorbeeld, nie al die artikels van die Apostolicum was deur die jare vir almal wat dit graag wou bely, ewe duidelik nie. Daar was nog altyd onenigheid oor:

- Die 'Vaderskap' van God
- Die maagdelike geboorte
- Die 'ter helle neergedaal' van Christus
- Die opstanding van die 'vlees'.

Die verduidelikings wat die kerk deur die eeue oor hierdie artikels gebied het, was so ingewikkeld dat die *verduideliking dikwels self verduidelik moes word.*

Die kerk word vandag geoordeel aan relevansie en waarheid oor die uitlegbaarheid en verstaanbaarheid van Belydenisstukke. Indien die kerk se belydenisskrifte, byvoorbeeld dié rakende die regeerstelsel van 'n land (Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis), nie meer aktueel en realisties is nie, moet die kerk begrip toon indien denkende lidmate sekere dele van hierdie Belydenisskrifte nie meer kan ondersteun omdat dit nie in die huidige tydsbestek sin maak nie. Teologiese vernuwing in ons dag pleit dat die kerk relevant moet bly. Aanpassings aan die interpretasie van dele van die Belydenisskrifte moet gemaak word om hieraan te voldoen. Het dit nie nodig geword vir die kerk om 'n eietydse belydenisskrif daar te stel wat nie uit die Middeleeue kom vanuit 'n tradisie wat regtig nie meer vandag geld nie?

Het die tradisionele kerke se belydenisskrifte nie deur die eeue nie stowwerig geword nie? Sou herformulering, soos deur die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika ten opsigte van die Apostolicum, nie die weg wees om op te gaan nie?

- In die tyd van kerkleiers soos Abraham Kuyper, tydgenoot van Troeltsch, het teoloë hulself in 'n wolk van teologiese sekerheid en 'antwoordwaardigheid' omhul. Daar was antwoorde op alles. Heitink spreek 'meegevoel' met Troeltsch uit, en daarom ook met eendersdenkendes soos Kuyper. *Alles wankelt. De Magnalia Dei, de grote werken Gods waar vroeger hoog van werd opgegeven, worden als Marginalia Dei meer en meer terzijde geschoven* (Heitink 2001:17). Kerk en geloof verkeer in 'n marginale omgewing waarin godsdiens en kerk skynbaar nie meer 'n groot rol speel nie. In die *vibe*-kultuur van ons tyd is daar 'n behoefte aan nuwe vorme van Christelike gemeenskap. Die kerk moet meer maak van die sosiologiese prosesse van die tyd, dit

verdiskonteer en interpreteer vir die omstandighede waarin sy moet funksioneer. Ongelukkig volhard die kerk dikwels met morfologiese fundamentalisme - hier bedoel as die starre vasklou aan bepaalde vormgewings van die kerklike lewe, *Kerkvormen word sacrosanct verklaard* (Heitink 2001:17).

- In ŉ onlangse publikasie skryf Anton van Niekerk (2005:15) oor geloof *sonder* sekerhede. Hy beweer dat die kerk te lank aan absolute waarhede vasgehou het, sonder om antwoorde op die vrae van die post-moderne mens te probeer verskaf. Het die NG Kerk, byvoorbeeld, al kers opgesteek by die natuurwetenskap om binne Bybelse konteks ŉ wetenskaplik-gefundeerde antwoord oor die ontstaan en ontwikkeling van die mens te gee? Word lidmate nie maar oorgelaat aan die gesprek binne die wetenskap oor *evolusie, intelligente ontwerp* of die *kreasionisme* nie? Kerklidmate behoort op ŉ verantwoordelike, teologiese wyse begelei te word om ou Bybelverhale binne moeilik betwisbare en opwindende ontdekkings te interpreteer (vergelyk Jacobovici & Pellegrino 2007). Baie lidmate wil graag weet of daar aan die begin net een mensepaar, Adam en Eva, geskep is. Is dit nie belangrik dat die kerk lidmate begelei oor die wetenskaplike ontdekkings wat die paleontologie, byvoorbeeld, die afgelope aantal jare gemaak het nie? (Vergelyk die bevindinge oor me. (mnr.?) Ples van die Sterkfonteingrotte in die media). Is die teologiese diskoers van HM Kuitert oor die skrifgedeelte in Genesis 2:4-24 wat Adam en Eva as ŉ *leermodel* bestempel vandag steeds totaal verwerplik (Van der Wart 1971: 2-6)?

- Die teologie staan aan die vooraand van ŉ verrassende tyd van navorsing en herbesinning oor ou vastighede wat aan die vrae van die tyd getoets en geëvalueer word (Vos 2006:25). Dit beteken dat ruimte geskep word om teologiese navorsing as wetenskap te beoefen. As hierdie vryheid bestaan en deur die kerk aan teoloë bemagtig word, sal die heksejagte van die afgelope tyd aan Teologiese Fakulteite bedaar.

- Groenewald skryf op die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria se webblad (www.up.ac.za) dat fundamentalisme ŉ wig tussen geloof en wetenskap ingedryf het. Verdagmakery van die teologie as wetenskap en twyfel oor ŉ wetenskaplike se integriteit vervreem krities-denkende mense van die kerk. Hulle keer die rug op die kerk en geloof omdat fundamentalistiese denke vir hulle onhoudbaar is. Groenewald beskryf fundamentalisme as ŉ konserwatiewe, anti-liberale en anti-intellektuele denkrigting wat verkies om die Bybel letterlik te verstaan. (Ook aangehaal in die **Kerkbode,** 24 November 2006.)

- Oor baie nuwe ontdekkings en moontlikhede binne die wetenskap lyk dit asof daar soms vanuit die meer tradisionele kerkdenke ŉ nuwe Copernicus-verwerping (1478-1543) posvat. In die sestigerjare was kunsmatige inseminasie om swangerskappe te vestig vir die NG Kerkleiding ŉ ondenkbare ingryping in God se gang met die mens, oneties en uit die bose. Daar word moontlik steeds te min klem gelê op die Algemene Openbaring (skepping) van God naas die Besondere Openbaring (Skrif). Ons tyd dring *juis* aan op

gesonde meelewing vanuit die kerk in onweerlegbare feite wat vanuit die Algemene Openbaring tot die mens spreek.

- Mense kyk vandag steeds na ʼn sonsopkoms of volmaan oor die see, na die gladde blou bane op die water voordat die suid-wes stormwind opsteek, na pastelkleurige wolke wat teen berge vasgedruk word, die skitterwit lig van sterre, die oopgaan van die eerste orgideë in Juniemaand. Min sal dan sê dat die algemene openbaring van God sleg en boos is, behalwe diegene wat die 'wêreldse boosheid' vergeestelik.

- Onsekerhede oor teologie wat grens aan die fundamentalisme het ook na die Teologiese instellings van die NG Kerk uitgekring. Dit is deur anti- en pro-kampe oor teologiese kwessies op die spits gedryf met die gevolg dat die Kuratorium in Pretoria genoodsaak was om die klagtes oor leerdwaling deur drie dosente vir ondersoek na hulle betrokke Ringe moes verwys. **Die Vrye Afrikaan** (Augustus 2005:16) beweer dat die groep wat die klagtes gelê het in die buiteland ondersoek gedoen het oor die vestiging van ʼn onafhanklike Teologiese Seminarium – een wat nie van ʼn staatsubsidie afhanklik is nie en wat dus 'teologies konserwatief' wetenskap kan beoefen.

- Dr. Flip du Toit bevestig in die **Kerkbode** van 24 November 2006 dat die instelling van ʼn Diploma in Kerklike Bediening tans ernstige aandag geniet. Die gedagte hieragter is dat ʼn student sonder hierdie diploma nie gelegitimeer kan word nie. Die Diploma sal met die oog op die ontplooiing van bepaalde persoonseienskappe en die ontwikkeling van vaardighede waaroor ʼn predikant moet beskik om effektief in die bediening te funksioneer, ingestel word. Klem sal veral val op selfkennis, leierskapsontwikkeling, die vermoë om in spanverband te kan werk en tydsbenutting.

Vernuwing binne die kerk word soms nét aan erediensgebeure verbind. Dit strek egter veel wyer en sluit ook vernuwing van die totale spiritualiteit van lidmate in. Die kerk mag nie hand in die broeksak agter die natuurwetenskap aandrentel nie, maar moet in vennootskap met die wetenskappe saam soek na sinvolle teologiese antwoorde, sodat die mens van die tyd sy/haar godsdienstige oriëntasie nie los van die feite van die algemene openbaring (die wetenskap) beleef nie.

Kerkleiding behoort die kerk en gemeentes saam te neem na ʼn vlak van begrip vir aktuele wetenskaplike ontdekkings van die dag. Bly die kerk by en word kernbelangrike ontwikkelinge en ontdekkings in die wetenskappe met ʼn deeglik gekwalifiseerde opinie daaroor as begeleiding aan lidmate gegee? Integreer die kerk deur aktuele lering wetenskaplike kennis in lidmate se lewens- en wêreldbeskouing? Hoe hanteer die kerk byvoorbeeld die verreikende stamselnavorsing wat tans talle nuwe moontlikhede in die mediese wetenskap bied? Wat is die etiese mening oor die binnedringing van die kernsel van lewe om nuwe lewe te skep? Hoe word die ontdekkings wat die SALT-teleskoop op Sutherland binne die wetenskap van die sterrekunde oopstel vertolk? Vanuit die leer oor die Algemene openbaring soos in die gereformeerde teologie aanvaar, kan lidmate byvoorbeeld vanuit die lering in die prediking gewys word op die grootste en helderste supernova-ontploffing van SN 2006gy (wat 240 miljoen ligjare weg is van die aarde) en wat 149 miljoen kilometer

ver deur die ruimte getrek het, (NASA **Astrophysical Journal**, 2007). Hierdie dinge vorm ŉ loergaaitjie na God die Almagtige. Hierdie is enkele vrae waaroor daar min ingeligte en juiste leiding aan die lidmate kom.

### 2.3 Kerklike omwenteling in 'n *communitas*-fase

Wanneer daar oor kerklike omwenteling gepraat word, kom die vraag na identiteit en wese van die kerk en gemeentes na vore. Die wesensbestaan van die kerk behoort duidelik geformuleer te wees om sodoende paradigmaverskuiwing te kan hanteer. Die kernvraag oor die NG Kerk is hoe lyk of verander haar identiteit tans? Hoe lyk die kerklike toekoms?

- Onseker
- Krimpend
- Stagnasie oor die breë
- Rolverskuiwing – van mags- tot randfiguur
- Laaste bastion
- Geestelike moeder

Die geskiedenis van die NG Kerk noodsaak ŉ herdefiniëring van die wesentlike taak van die kerk, omdat die kerk in die vorige bedeling te veranker was aan die magsposisie wat politieke assosiasie gebring het en morele sake dikwels op politiese basis beoordeel is. Die kerk se politieke verantwoordelikheid kan die beste beskryf word aan die hand van ŉ drieledige onderskeiding wat ooreenstem met die drieërlei ampte van Christus, waarin Hy God se heilswaarhede op aarde ontvou het, naamlik ŉ priesterlike, koninklike en profetiese funksie. Soos Christus gekom het om sy kerk te dien (Markus 10:45), so moet ook sy kerk die wêreld, en by name die politiek dien, (Heyns 1977:226).

- Die kerk (lees ook plaaslike gemeentes) kan haar nie van hierdie nuwe samelewing distansieer nie en sal nuwe weë moet vind om haar identiteit terug te wen en ŉ aktiewe missionêre rol te speel. (Vergelyk Cilliers 1998.)

Daar is min twyfel dat die owerheid van die dag die kerk as medewerker in die proses van transformasie nodig het. (*trans-formasie* het met die toekoms te doen.) Burger (1995:153) is van mening dat dit baie moeilik sal wees om sonder die steun en medewerking van alle kerke, ŉ houding- en moraalverandering in die land te bewerkstellig. Romeine 13 en Openbaring 13 dui daarop dat die Skrif nie negatief staan teenoor die owerheid in die uitoefening van die opdrag wat hy van God ontvang het om te vervul nie. ŉ Kerk wat met die wêreld niks te doen wil hê nie, berei ŉ wêreld voor wat ook met die kerk niks te doen sal wil hê nie (Heyns 1977:98). Dit beteken dat die kerk in sy verhouding met die politieke bestel (owerheid) van die dag ŉ openheid, maar ook afgegrensdheid moet hê.

Die gevaar ná die magsverlies en teologiese irrelevansie wat die NG Kerk in die nuwe bestel beleef, is dat ŉ ghetto-mentaliteit ontstaan. Daar word op grondvlak verby die nood van mense gekyk. Skrywers is dit lankal eens dat die kerk ŉ besliste rol te speel het in die staatkundige en politieke bestel van hul tyd. Boon (1970:184) sê: *De identiteit van de kerk bleek onder meer te moeten worden gezocht in de factoren, die in samenhang met haar wezen als kerk haar situasie in de wereld fundamenteel*

*bepalen. Situasie-bepalend zijn ongetwijfeld de maatschappy, de cultuur, het politieke bestel, het denken en gevoelen van de tijd, waarin kerken zich bevinden.* (Vergelyk ook de Roest 2006.)

Daar is dus nie plek vir ŉ ghetto-mentaliteit in die rol wat die kerk in die samelewing het nie. Kritiese solidariteit sal die NG Kerk help om ŉ rol in die toekoms van Suid-Afrika te speel. Die geredelikheid waarmee die blankes in Suid-Afrika van politieke mag afstand gedoen het, het waarskynlik te make met die feit dat baie lidmate binne die gevestigde Afrikaanse kerke, by name die NG Kerk, ontgogel was dat die kerk op teologiese gebied vir soveel jare daarin kon slaag om haar lidmate met eksegetiese interpretasies oor die regverdiging van Apartheid te beïnvloed. Talle ontnugterde lidmate het die NG Kerk op grond van hierdie kleitrappery oor Apartheid verlaat.

Die oorgangstyd waarin die NG Kerk verkeer het daartoe gelei dat kerkrade en bestuursliggame al hoe meer begin belangstel het in die identifisering van leierskapstrukture binne die gemeente. Uit die kerklike tradisie oor leierskap is hierdie nadenke en implementeringsprosesse nie sonder pyn nie. Vitale gemeentes het egter die grenslyn van die eensydig vertolking van die tradisionele leierskapsrolle verbygesteek, en ervaar dat vaartbelynde leiding en bestuur, groei stimuleer en gemeentelike bediening verryk. Covey (2002:67) beskryf dié tipe van verandering as volg: *Almost every significant breakthrough is the result of a courageous break with traditional ways of thinking.* Vir hom is dit 'n paradigma skuif wat *distinctively new ways of thinking about old problems,* bring.

Die oorgangsfase in Suid-Afrika het ŉ nuwe soeke na die identiteit van die kerk geïnisieer. Die vraag is: Wié is ons en wát is ons taak? *Die onzekerheid leidt in een aantal gemeenten tot een krisisachtige sfeer die gekenmerkt wordt door een neerwaartse spiraalbeweging: omdat de gemeente in voortdurende onzekerheid leefd, verliest zij haar aantrekkingskracht en kalfd zij af; omdat zij afkalft wordt zij steeds onzekerder; daardoor durft zij het niet meer aan te streven naar "meer dan het gewone" maar sluit zij zich af in een defensief isolement of gaat zich aanpassen om zo nog enigszins aanvaardbaar te zijn; in beide gevallen heft zij steeds minder te zeggen en daardoor wordt zij weer minder antrekkelijk* (Hendriks 1990:24). Hierdie situasie vra die kerk om opnuut koers te soek binne gemeenteverband. Dit is nie voldoende om net 'opnames' te maak, te 'droom' oor die toekoms, of na die probleem wat die gemeente vitaliteit laat afneem te soek nie, Dit is kernbelangrik om ŉ beleid neer te lê van dit wat die gemeente behoort te dóén. Hierdie aksie dien as die begin van ŉ gemeente se koers en die rigting waarin daar in die toekoms beweeg gaan word.

Drie belangrike dinge het die afgelope twaalf jaar gebeur wat die kerklike identiteit van die NG Kerk ingrypend raak:

- Die druk om amptelik met die dogterkerke te herenig het by ŉ beslissingspunt gekom.
- Die wêreldwye erkenning van gay-regte en die wettiging van verbintenisse (huwelik?) tussen persone van dieselfde geslag.
- ŉ Proses van interne kerkvernuwing wat Renaissance-afmetings aangeneem en die identiteit van die NG Kerk in die breë onherroeplik verander het.

**2.3.1 Belhar 1986** (Sien Bylae 1)

As daar een saak is wat vir die NG Kerk kan dien as wateraanwyser dat ŉ volgende *societas*-fase op hande is, is dit die feit dat kerkhereninging op hande is. Hierdie proses gaan die kerk verplig om oor nuwe strukture te besin tot op gemeentevlak en gaan spesifiek saakgerigte leierskap van die kerkverband vra. Wanneer die Algemene Sinode in Junie 2007 vergader om oor kerkhereniging dialoog te voer, is ŉ draaipunt in die *communitas*-fase bereik - veral as die hereniging binne drie jaar geskied.

Die vraagstuk oor die hereniging van die NG Kerk en die VGK sloer al bykans twintig jaar. Die Belydenis van Belhar het gaandeweg die simbool van hierdie vertraagde proses geword. Ook die Kaapse Konvent vir eenheid wat in 2001 in Wellington gehou is, die voorloper van ŉ aantal konvente in ander sinodale gebiede, kon nie die slakkepas waarteen die kerkherenigingsproses verloop, verhaas nie. Die vraag is of dit te wyte is daaraan dat die kerkleierskap nie die dringendheid van die probleem besef het nie; of is die kerkleiers eenvoudig nie in staat om logge kerklike besluitmeganismes te mobiliseer nie? Die vraag is of die NG Kerk met hierdie saak uit die gemaksone van vóór 1994 beweeg het en waarom ŉ werkbare besluit dan nog nie gevind is nie. Dit is moontlik dat die NG Kerk nie die oorgangstyd as ŉ gulde geleentheid vir herstrukturering interpreteer het nie.

Na die aanvang van die *communitas*-fase in 1994, het daar stemme opgegaan om die NG Kerk uit haar isolasie te roep. *I propose that the Dutch Reformed Church be granted observer membership of the South African Counsel of Churches*, is ŉ voorstel van Beyers Naude, gesekondeer deur Sam Buti, wat op 6 Julie 1995 by ŉ vergadering van hierdie liggaam dien, (Hofmeyer 2002:230). In 1998 is ekumeniese bande tot ŉ groot mate herstel nadat die NG Kerk met haar verwerping van Apartheid hertoegelaat is by die wêreldbond van Gereformeerde Kerke. In 2001 het dr. Desmond Tutu na aanleiding van sy WVK ervarings gesê: *In die hele versoeningsproses in Suid-Afrika het die NG Kerk ŉ geweldige groot bydrae om te lewer* (Hofmeyer 2002:231).

Van 1986 af het verskeie agtereenvolgende sinodes hulle tot die ideaal van kerkeenheid verbind en is uitvoerige besluite hieroor geneem. Binne die kring van die NG Sendingkerk, die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa, was daar gedurende die 1970's en 1980's reeds hoë verwagtings oor die herenigingsproses. Die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika het besluit om die eerste stap te neem met die konstituering van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider Afrika (VGK). ŉ Aantal swart predikante en gemeentes het kort na die herenigingsproses uit die nuwe kerkverband getree vanweë ontevredenheid met die proses en die nuwe eienaarskap van bestaande kerkeiendom. Hofsake in die Hooggeregshof en die Appèlhof het gevolg.

Met die formulering van die Belhar Belydenis is verwagtinge gekoester dat dié belydenis die deurslag tot hereniging sou gee. Die konsekwente eis van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika dat die belydenis van Belhar deur die NG Kerk aanvaar móét word, het egter in toenemende mate ŉ struikelblok vir kerkeenheid geword. Die Algemene Sinode van 2004 het die ondertekening van

hierdie Belydenis opsioneel gemaak, wat verhoudinge tussen die NG Kerk en die VGK geskaad het.

Vanuit die **Opsommende Verslag oor Kerkhereniging** (2005:3) blyk die volgende menings onder die 3929 leiers in amptelike posisies van die NG Kerk:

- Gemeenteleiers oordeel meestal dat die bestaan van verskeie kerke binne die NG Kerkfamilie nie sonde is nie.
- Daar is nie eenstemmigheid oor die vraag of sigbare strukturele eenheid ŉ Bybelse opdrag is nie.
- Die gemeenteleiers is onseker of hulle gereed is vir kerkhereniging.
- Daar is ŉ sterk gevoel dat gemeentes self oor eenwording met geografies aangrensende gemeentes van die NG Kerkfamilie moet kan besluit.
- Ringe en sinodes kan nie maar net herenig nie: daar is onsekerheid oor die invloed hiervan op plaaslike gemeentes.
- Daar is egter ook sekere voorbehoude uitgespreek oor die groot verskille in kultuur, tradisies en waardes tussen die bevolkingsgroepe wat in die kerk herenig moet word.
- Taal word as ŉ kommunikasieprobleem gesien.
- Die belydenis van Belhar is vir die meerderheid respondente onaanvaarbaar, omdat hulle teologiese en politieke nuanses daarin lees.
- Finansies is vir baie problematies omdat dit as ŉ herverdeling van kerklike besit gesien word.
- Daar is vrees vir diskriminasie en rassisme.
- Politiek word as ŉ vername dryfveer agter kerkhereniging gesien.
- Dit blyk dat daar ŉ groep konserwatiewe lidmate is wat nie kans sien vir die veranderinge wat kerkhereniging sal inhou nie.
- Daar was egter ook ŉ aantal respondente wat die feit dat kerkhereniging nog nie plaasgevind het nie, sien as die gevolg van ŉ gesindheid van onvergewensgesindheid, wantroue en ontoegeeflikheid.

Dat hierdie saak so lank op die tafel is, dui daarop dat die kerkleiding onseker is oor die gevolge daarvan en nie ŉ kerkskeuring na die een of die ander kant toe wil aanmoedig nie.

Daar word nie gedebatteer of die kerk ŉ eenheid is nie: dit is lankal ŉ gegewe. Kan die verskillende bevolkingsgroepe buite die Wes-Kaap vanweë groot taal- en kultuurverskille egter sinvol en met begrip saam aanbid? Kan Zoeloe-lidmate sinvol in ŉ Afrikaanse erediens inskakel? Hoe moet die verandering in kerkhereniging geskied sodat godsdiensonderrig, byvoorbeeld, nog in die moedertaal kan geskied? Die werklike vraag wat oorbrug moet word, lê nie soseer op politieke of teologiese vlak nie, maar vir die aanbieding van sinvolle en verstaanbare eredienste vir alle bevolkingsgroepe. Dit word deur groepe in die Afrikaanse kerke in sekere sinodale streke as ŉ probleem ervaar, omdat lidmate van die dogterkerke nie Afrikaans kan praat nie. Buitendien kan regsprosesse kerkregtelike eienaarskap van eiendomme kelder (**Kerkbode** 26 Januarie 2007). Vanweë politieke druk is daar ook verskille tussen die bevolkingsgroepe en sien baie blanke Suid-Afrikaners die kerk as hulle laaste ‘eie’ wat nie in die *communitas*-fase deur die ‘regering’ van hulle vervreem is

nie. Plaaslike gemeentes gaan direk deur besluite van die Algemene Sinode geraak word en gemeentelike leierskap sal dit moet verdiskonteer.

Die kontekstuele verskuiwing wat in die land na 1994 plaasgevind het, moet in ag geneem word indien die reënboognasie-ideaal nagestreef word vir ŉ 'reënboogkerk'. Kerkhereniging moet wel op ŉ sigbaar en prakties uitvoerbare manier plaasvind en die betrokke kerke sal hard moet werk om dit te laat realiseer. *Bread and butter issues such as salaries, securities, pension funds and property rights play a mayor role in the debate* (Hendriks 1993:392). Die Algemene Sinode van 1994 het op 13 Oktober in wese goedkeuring verleen aan ŉ besluit dat daar ŉ gesamentlike kommissie aangewys word om ŉ konsepkerkorde vir een kerkverband op te stel. Daar is ook besluit dat die kerk in die breë op die hoogte gehou sal word van vordering en dat daar vir almal geleentheid sou wees om deel te neem aan die kerkherenigingsgesprek. Dit was ŉ opregte poging om die pad van kerkhereniging te begin loop (Hofmeyr 2002:222).

Daar is kommer by talle lidmate oor die berig in (**Rapport** 25 Junie 2006) waarvolgens kerkeenheid binne drie jaar bereik moet word. Die noem van ŉ moontlike nuwe naam vir die verenigde kerk, naamlik die United Reformed Presbyterian Church in Southern Africa/Verenigde Gereformeerde Presbiteriaanse Kerk in Suidelike Afrika, is voortydig en is in hierdie stadium waarskynlik net ŉ voorstel vir kennisname. Die persone wat op die voorgrond getree het by hierdie konferensie in Esselenpark Johannesburg, genoem 'Verantwoordelike Vernuwing' was Stef Coetzee, oudrektor van die Universiteit van die Vrystaat en tans verbonde aan die Bestuurskool van die Universiteit van Stellenbosch, Franklin Sonn, oud-ambassadeur en voorheen Rektor van die Skiereilandse Technikon en kanselier van die Vrystaatse Universiteit en Russel Botman, President van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Mediaberigte het min gemaak van die NG Kerkleiers wat deel van hierdie besluit was. Die Voorsitter van die Algemene Sinode van die NG Kerk, Coenie Burger, het sy dank oor hierdie ontwikkeling in die kerk uitgespreek.

Tydens die beraad het Coetzee daarna verwys dat die kerk intens betrokke behoort te raak by die daaglikse kwessies soos veral armoede, misdaad, MIV/vigs en veiligheid. Sonn het aan **Rapport (**25 Junie 2006) gesê: D*ie wit kerk se verwysingspunt was apartheid, en gemeentes het dit gevolg. En vir die bruin kerk was Allen Boesak se leiding die verwysingspunt, en gemeentes het hom in teenoorgestelde rigting as die NG Kerk gevolg. Nou het ons ŉ verenigde kerk en ŉ sterker stem oor sosiale en morele kwessies in die land. Vir ons as akademiese en sakeleiers is dit ŉ bekommernis dat jong mense ons kerke afgeskryf het. Ons het gevoel ons wil vir hulle ŉ toekomskerk gee, en vir ons kerkleiers ŉ platvorm waar hulle vir die regering kan sê, so sê die Here.* Vir die objektiewe buitestaander is dit duidelik dat dit nog nie die amptelike kerkleiding is wat hierdie woorde uiter nie. Daar sal waarskynlik nog water onder die brug deurvloei voordat so ŉ emosie in die NG Kerk gevestig is.

Dit is duidelik dat alleen volwasse, daadwerklike en kragtige leierskap die kerk oor die 'verenigingsbrug' sal lei. *Time, skills and mature leadership are needed to guide people through specific stages* (Hendriks 1992 : 386). Hy voeg hierby dat dit alleen kan gebeur *through the power of Jesus Christ, the work of the Holy Spirit, and the grace of God.* Hendriks is van mening dat rekonsiliasie die enigste manier is om kerkhereniging te laat slaag. Mense moet vir mekaar van hulle pyn en lyding kan vertel en geleentheid gebied word om verskoning en versoening te doen Dit wat

verkeerd gedoen is, moet reggestel word. Hendriks sien dít as die sleutel tot ware vrede en versoening. *Repentance can only originate on the side of those who have perpetrated the injustice; reconciliation and foregiveness must come from those who have suffered* (Hendriks 1993:392).

Callahan (1990:14) skryf dat Martin Luther King op 'n besoek in Birmingham sy kruistog teen rassediskriminasie opstand teen die staat regverdig deur te verwys na standpunte van Augustinus, Aquinas, Martin Buber, Paul Tillich en Socrates. King het hom verwonder aan die statige kerkgeboue in Birmingham met hulle torings wat hemelwaarts wys, maar getreur oor die mense wat daarbinne kerkgaan en nie besef wat rassediskriminasie aan swartmense doen nie.

Die Moderator van die Algemene Sinode, Coenie Burger, het tydens die predikantekonferensie in Bloemfontein in Junie 2005, sterk klem gelê op kerklike eenheid. Ongelukkig is die brandpunte van die dag nie aangeraak nie. Die byeenkoms was 'n rustige geleentheid vir predikante om saam gesprek te voer oor 'n aantal sake. Daarna is openbare teenkanting deur die moderator van die Vrystaatse Sinode uitgespreek teenoor die 'gesamentlike getuienis' van die Moderamen wat na die byeenkoms as die getuienis van 1400 predikante voorgehou is. Die byeenkoms was 'n motiverende spanpraatjie, eerder as 'n kritiese evaluering en soeke na praktiese oplossings vir die brandende probleme wat die NG Kerk in die gesig staar. Rome het gebrand terwyl daar '*'n wonderlike samesyn en aangrypende nagmaal*' vir die dominees bedien is.

Na die konferensie bedank Sunette Pienaar van die NG Gemeente Skuilkrans uit haar pos en noem sy, onder andere, dat die traagheid van die Kerk om sy rol in die samelewing raak te sien en gewoonte om probleme onder die mat in te vee totdat hulle 'vanself' weggaan, haar dring om uit die NG Kerk te bedank. Die pers was vol kritiek deur briefskrywers oor haar stap, maar ongelukkig was daar nêrens 'n opvolg berig dat haar gemeente, Ring en die Sinode van Oos-Transvaal met haar gesprek gevoer het oor haar standpunt nie. Wat die leserspubliek aan betref was die saak afgehandel omdat hulle nie in die lig van die groot publisiteit wat die saak ontvang het iets verder gehoor het nie.

As vrou het sy oënskynlik na aan die seerplekke van die NG Kerk gekrap. Sy is summier as 'n Nuwe Hervormer bestempel omdat sy dit durf waag het om 'n ander mening te lug as dié van die in een-rigtingdrywende massa. Die kerk het Sunette Pienaar se besware binne twee weke vergeet.

Met die konferensie het die kerkleiding 'n geleentheid om met dringende vraagstukke besig te wees, verspeel. Malan Nel van die Teologiese Fakulteit in Pretoria raai die teenwoordige dominees van die kerk by die konferensie aan om nie die 'Sondag persberigte' oor die kerk te lees nie. *So bly die kerk gesond-gereformeerd(?)* Die predikante keer huiswaarts, gelade, tevrede, sonder leiding oor homoseksualiteit, kerkeenheid, teologiese opleiding as wetenskap, die probleem van die verlies van talle lidmate, die grondkwessie, werkverlies as gevolg van regstellende aksie, die blanke jongmens-emigrasie situasie en ander vraagstukke. 'n Verlore geleentheid. By die huis wag verwarde, opstandige en onseker lidmate met die vraag: NG Kerk Quo Vadis?

Hierdie wyse van hantering van problematiek herinner baie aan die tyd vóór 1994 toe die kerkleiding ook gekies het om dinge (bv. Apartheid) te ignoreer – om later verskoning oor hulle houding daaroor te moet vra. Kan lidmate verkwalik word omdat hulle die kerk teen ŉ beduidende tempo verlaat?

### 2.3.2 Kerkhereniging in die Ring van Stellenbosch

Die 'hereniging' van gemeentes in die Ring van Stellenbosch hou verband met die navorsing oor kerkhereniging omdat die gebeure sekere kritiese vrae oor die proses na vore gebring het:

- Die Algemene Sinode het besluit dat hereniging, soos die Kerkorde bepaal, by gemeentes getoets moet word (en nie ringe nie).
- ŉ Twee-derde meerderheid is nodig in die stemming oor hereniging binne gemeente, ring en sinode.
- Het die Ring van Stellenbosch hierdie pad gevolg, aangesien lidmate nie oor die saak gestem het nie.
- Het die ringsgemeentes by wyse van stemming die ou ring ontbind en daarna toegetree tot ŉ nuwe ringsverband?
- Is die Sinode van die Wes-Kaap hiervan in kennis gestel en is dit goedgekeur?
- Wat is die naam van die nuwe ring?
- Watter Kerkorde gebruik die Ring vir hulle byeenkomste en werksverdeling?
- Hoe hanteer die Ring moontlike tugverhore en hoe genereer hulle fondse vir ringsaktiwiteite.
- Het die Ring enige regsbevoegdheid om bindende besluite te neem as die Algemene Sinode nog nie by wyse van toetsing van sinodes, ringe en gemeentes die proses gefinaliseer het nie.
- Wat gebeur in die ring as die Algemene Sinode nie ŉ twee-derde meerderheid ontvang om met die kerkhereningingsproses voort te gaan nie?
- Het al die gemeentes in die Ring van Stellenbosch aan die hele proses deel gehad?
- Hoe is dit moontlik dat die Algemene Sinodale Kommissie ŉ ooreenkoms namens die NG Kerk kon sluit met ŉ driejaar tydperk daaraan gekoppel as hulle nog nie die kerk in die breë oor die aangeleentheid getoets het nie (Johan Jansen van Rensburg, **Kerkbode** 24 November 2006).

Indien bogenoemde vrae geldig is, het die gebeure op Stellenbosch die Algemene Sinode se besluit vooruitgeloop en kan die kerkleiers nie anders as om verleë te wees oor hoe die proses nou verder moet verloop nie. Op gemeentevlak het die gebeure ernstige kritiek uitgelok wat ook in die briewe kolomme van die **Kerkbode** oor ŉ aantal uitgawes reflekteer is.

Die kerk het tans ŉ gulde geleentheid om betekenisvolle veranderinge aan te bring. Trouens, die ander kerke in Suid-Afrika wag dat die NG Kerk met stappe begin. Indien die NG Kerk die proses van kerkhereniging dringend hanteer, sal sy, na jare van isolasie van die ander kerke, groter respek in die Suid-Afrikaanse samelewing afdwing.

### 2.3.3 Die NG Kerk en die gay- kwessie

Nog ŉ saak waaroor leierskap in die NG Kerk versigtig reageer, is die vraag oor die korrekte interpretasie van die Bybelse beskouing oor homoseksualiteit.

Hierdie vraagstuk is een van die ernstigste kwessies wat tans in die NG Kerk bespreek word, veral noudat die Parlement op 14 November 2006 wetgewing ten opsigte van ŉ Burgerlike Verbintenis (huwelik?) tussen pare van dieselfde geslag goedgekeur het. Die kerklike verteenwoordigers, Ben du Toit (Parlementêre Verteenwoordiger) en Kobus Gerber (Sekretaris van die NG Kerk), het hieroor ŉ voorlegging aan die Parlementêre Komitee gedoen waarin hulle versoek dat hierdie nuwe 'verbintenis' by die Huweliksweet van 1961 ingelyf word.

Na die bekendmaking van hierdie voorlegging het hewige kritiek vanuit die kerk gevolg, aangesien dit as *goedkeuring vir gay-huwelike*" vertolk is. Volgens die Moderator van die Sinode van die Vrystaat, Piet Strauss, sal dit teenstrydig wees met die NG Kerk se beskouing van die huwelik as ŉ wetlike verbintenis tussen twee mense van dieselfde geslag ook ŉ 'huwelik' genoem word (**Kerkbode** 27 Oktober 2006).

Die Voorsitter van die Sinode van Oos-Transvaal se Sinodale Diensraad en Moderator, Johann Ernst, is van mening dat die opstellers van die parlementêre voorlegging met dié dokument hulle bevoegdheid oorskry het. Nóg die Moderatuur, nóg Gerber of du Toit het die magtiging gehad om namens die NG Kerk en gereformeerde kerke so ŉ ingrypende en omstrede voorlegging te doen (Ernst, **Kerkbode** 24 November 2006). Hierdie gebeure, en alles wat die afgelope aantal jare in die gay-debat gesê is, het groot verwarring onder lidmate gebring.

Daarvan getuig die opsommende verslag oor Kerkhereniging en Homoseksualiteit in **Kerkspieël**, Augustus 2005. As ŉ ondersoek in opdrag van die sinodes van Noord-, Suid- en Oos-Transvaal, was dit nie demokraties of ewekansig nie, maar het dit ten doel gehad om ŉ vinnige houdings-opname binne die sinodale streke te doen. Die gegewens is dus die stemme van kerkleiers binne ŉ bepaalde tyd en konteks. In hierdie opname blyk die volgende:

- Die NG Kerk het reg opgetree deur persone met ŉ homoseksuele oriëntasie wat in die verlede deur uitsprake seergemaak is om verskoning te vra.
- Daar bestaan groot onsekerheid t.o.v. Skrifinterpretasie oor homoseksualiteit. Standpunte verteenwoordig teenoorgestelde pole.
- Die huwelik word as ŉ verbintenis tussen één man en één vrou beskou.
- Daar is groot eenstemmigheid dat die beoefening van homoseksualiteit teen die leer van die Skrif is.
- Die term 'seksuele oriëntasie' wat in die gesprek oor homoseksualiteit gebruik word, vra verdere verheldering wat navorsing oor die oorsake van homoseksuele gedrag, verhoudings en deelname aan die geloofsgemeenskap insluit (2005: 9).

In sy boek **Homoseks en die Sinode**, skryf Peet Botha, Administrateur van die Cedar College of Education en Buitengewone Senior Lektor verbonde aan die Noordwes-universiteit in Potchefstroom die volgende: *Die debat oor homoseksualiteit in die NG*

*Kerk het baie verwarring gebring onder die lidmate van die kerk. Dit is my oortuiging dat hierdie verwarring die gevolg is van 'n onskriftuurlike benadering tot die hele probleem van homoseksualiteit. Die verwarring is verder aangehelp deur teenstrydige interpretasie van die Sinodes van 2002 en 2004 se besluite, persverklarings waarin regstelling van feite en verskonings aangebied is, asook artikels in dagblaaie waarin die Sinodebesluite deur hoëprofiel teoloë bevraagteken is. Ek argumenteer dat die Sinodes van 2002 en 2004 grondliggende foute gemaak het in hulle besluite oor homoseksualiteit en dat die sinodes deur AKLAS se pro-homoseksuele benadering beïnvloed is om ongeldige besluite te neem*, (**Die Vrye Afrikaan** Augustus 2005:6). Hy is reg om na die onderlinge verwarring en verskonings van die kerkleiding te wys.

Op 2 April 2006 was daar 'n gesprek op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees tussen Peet Botha, skrywer van **Die sinode en homoseks,** en Laurie Gaum. Botha het die standpunt gehandhaaf dat sommige teoloë die dele van die Bybel wat oor homoseks gaan op 'n nuwe manier wil uitlê om te bewys dat homoseksualiteit 'n normale en aanvaarbare variant van seksualiteit is. Gaum het gepleit dat praktiserende homoseksuele leraars as Woordbedienaars in die NG Kerk moet kan optree.

Bovermelde verskille oor homoseksualiteit - en wat die kerkleierskap daarmee moet maak; die vraag of predikante met alternatiewe seksualiteit tot die bediening toegelaat behoort te word; en die vraag of huwelike tussen dieselfde geslagte gewettig behoort te word, is ook in die VSA en Europa twispunte tussen miljoene Christene. 'n Waarskuwing deur die Aartsbiskop van Kantelberg en leier van die Anglikaanse Kerk, Rowan Williams, dat dié kerk ernstige skeuring oor die kwessie in die gesig staar, is op 8 Maart 2006 dwarsoor die wêreld met groot opskrifte in die media aangekondig. Die skeuring waarna Rowan verwys is enersyds tussen die kerk in Brittanje en Afrika en andersyds tussen die Amerikaanse Episkopaalse Kerk – soos die Anglikaanse Kerk daar bekend staan – en die Kanadese Anglikaanse Kerk.

Sluimerende verdeeldheid oor die kwessie van gays en lesbiërs het drie jaar gelede na die oppervlak gebars toe die Hoogeerwaarde Gene Robinson, 'n homoseksueel wat saam met 'n man woon, as biskop van die Episkopaalse Kerk in New Hampsire, Amerika, ingeseën is. Konserwatiewe Anglikane was in opstand en verlede jaar het die eerste breuklyne duidelik te voorskyn gekom toe Anglikaanse leiers die Amerikaanse en Kanadese kerke gevra het om hul afvaardigings aan 'n oorkoepelende byeenkoms, die Anglican Consultive Council, in Nottingham, Engeland, te onttrek. Hierdie keer was dit die meer liberale Anglikane wat in woede ontplof het (**Rapport** 12 Maart 2006).

Williams vrees dat die verdeeldheid die Anglikaanse gemeenskap heeltemal uitmekaar kan ruk. *As daar 'n skeuring kom, gaan dit 'n meer sigbare skeuring wees en nie maar stilweg bedaar tot 'n federasie (tussen die Amerikaanse kerke en die res) nie. Dat die skeuring 'n realiteit kan word, is duidelik in die eis van die Anglikaanse Kerk dat die Episkopale tot Junie wanneer die jaarlikse sinode vergader, tyd het om af te sien van die dwaalleer. Die probleem wat die Episkopale egter in die gesig staar, is die feit dat 'n gay man en 'n lesbiër onder die vyf finaliste is waaruit die Bisdom van Kalifornië binnekort sy Biskop moet kies. In San Francisco is die Anglikaanse leiers onlangs uitdagend vermaan dat dit nie húlle is wat moet afsien van hulle dwaalleer nie, maar die Anglikaanse kerkleiding* (**Rapport** 12 Maart 2006).

Hierdie debat oor homoseksualiteit hang waarskynlik saam met die feit dat die staat pluralisties sekulêr geword het en uiters verdraagsaam is oor die lewenswyse en regte van individue. In teenstelling het die Amerikaanse Hooggeregshof in Texas drie jaar gelede ŉ wet geskrap wat die omgang tussen persone van die selfde geslag regverdig. Kerke is nie onaangetas deur hierdie wisseling in denke nie.

Die kerk in Afrika is egter sterk uitgesproke teen homoseksualiteit. Die Anglikaanse leier van die kerk in Nigerië, Peter Akinola, wys daarop dat homoseksuele praktyke *nie eers in die verhouding tussen diere voorkom nie* ( **Rapport** 12 Maart 2006). Hy stel dit ook duidelik dat die Anglikaanse Kerk in Afrika (die grootste in Afrika) van die res van die Anglikaanse kerk sal wegbreek oor die saak van homoseksualiteit as die breë kerk nie tot inkeer kom nie.

Hierteenoor het die meer liberale denke in die Anglikaanse kerk, by name van die Episkopaalse leier, biskop John Bryson Chane van Washington, Akinola onlangs daarvan beskuldig dat hy sy steun aan 'geïnstitusionaliseerde dwepery' verleen het. Liberale Anglikane is veral onvergenoeg oor Akinole se steun aan ŉ voorgenome Nigeriese konferensie wat sal debatteer of homoseksualiteit sonde is of nie? Hulle sê indien dit wel so is, moet gays en lesbiërs uit kerke geweer of bloot verdra word as tweedeklas-lidmate. Indien nie, is homoseksuele huwelike en gay en lesbiese leraars op die kansel in orde.

Die Suid-Afrikaanse oorgangsamelewing het hierdie debat nie vrygespring nie. Dit is nou tyd dat die NG Kerk uitspraak hieroor gee. Talle mense wag op daadwerklike leiding. Die NG Kerk is weereens te laat met leiding aan lidmate oor hierdie spesifieke saak. Indien homoseksualiteit ŉ 'gestremde' seksualiteit is, moet die kerk dit so aanvaar, met die belydenis dat God se genade ook vir mense met gestremdhede geld.

### 2.3.4 Gemeente bedieningsrenaissance

ŉ Gemeenskaplike deler oor gemeentelike ervarings gedurende die afgelope twee dekades is die drastiese veranderinge wat in die eredienstyl van die NG Kerk ingetree het. Hierdie verandering, vernuwing of Renaissance het min gemeentes onaangeraak gelaat. Binne die erediens het die paradigma oor die tradisionele liturgie verskuif en val die klem op:

- Liturgiese vernuwing
- Verandering in preekstyl
- Die opstel van veranderde of eie formuliere vir die Nagmaal en Doop
- ŉ Verandering in die bediening van die leraar, ouderling en diaken
- Uitbreiding van die sangboek
- Die invoer van ŉ Engelse *gospel*-sangstyl
- Verandering in die funksie van die diakonaat tydens die erediens
- Kerkraadslede met ander funksies as die tradisionele
- Verandering in die vergaderstyl van die Kerkraad - ŉ vryer vergaderingstyl
- Ander benaminge vir die Kerkraad
- Die verdwyning van streng kerkordelike voorskrifte vir die funksionering van die gemeente

- Groot klem op die relevansie van die bediening
- ŉ Getuienisdoop (by wyse van onderdompeling) vind in sommige gemeentes plaas
- Naas ŉ aanbiddingspiritualiteit, met klem op ervaring in die erediens, soek lidmate ook na ŉ vorm van intellektuele spiritualisme. Hulle wil die aktuele sake van die dag in hulle geloofsbelewenis integreer. (Vergelyk in hierdie verband die boek onder redaksie van Marcel Barnard, **Letter en Feest** 2004; en die boek van CJA Vos en HJC Pieterse, **Hoe lieflik is u woning** 1997: 139-190)

Adrio König (2002:17) skryf dat ŉ vloedgolf van verandering die meeste Afrikaanse kerke oor die afgelope drie dekades getref het. *Dit het begin by die vroue se hoede, predikante se togas, kerkraadslede se swart pakke en wit dasse.* Hy wys verder daarop dat ŉ nuwe Bybelvertaling, die vrou in die amp, kinderkommunie, oop gemeentegrense, sowel die aanpassing in Sinodale vergaderstyl as die feit dat gemeentes verminder deurdat die platteland en die middestad ontvolk, ŉ nuwe baadjie aan die kerklike lewe gee. Die kerk is geensins nog ŉ versekerde werkskring vir predikante nie. Predikantsposte word verminder en talle proponente word nooit na hul studiejare as gemeenteleraars aangestel nie.

Vandag bepaal elke NG gemeente haar eie identiteit. Laasgenoemde hang af van die konserwatisme of verligtheid van individuele leraars en die kerkraad van die betrokke gemeente. In ŉ sekere sin bestaan die NG Kerk van twintig jaar gelede nie meer nie. Die meerdere vergaderings van die kerk skyn minder invloed te hê oor hierdie progressiewe gebeure.

Ten spyte van hierdie vernuwing, blyk dit uit die gesprekke met mense, mediaberigte en literatuur, dat al hoe meer mense krities teenoor die kerk staan. Vir ŉ aantal dekades kon hierdie tendens in talle van die gevestigde hoofstroomkerke in die buiteland waargeneem word. Tans lui persberigte dat duisende mense in Europa elke Sondag (dit wil sê ná eredienste) hulle kerk verlaat en besluit om nie weer eredienste daar by te woon nie, omdat hulle doodeenvoudig nie meer deur die tipe verkondiging in die kerk geboei word nie. Heitink sê oor hierdie kerklike los word dat p*articipatie aan kerk en geloof is ingrijpend veranderd. Velen kunnen zich nog slechts partiëel identificeren met wat de kerk leert en doet* **(Aftreerede).**

Boon (1970:7). het meer as dertig jaar gelede dieselfde waarneming gemaak toe hy geskryf het dat ŉ groeiende getal mense nie meer by die kerk betrokke is nie, omdat *voor hen is de identiteit van de kerk goeddeels zoek.* In ŉ interessante boek, **A Churchless Faith** (2002), skryf Alan Jamieson dat dieselfde tendens in die charismatiese groepe waargeneem word. Terwyl baie nuwe mense en lidmate by die voordeur instroom, stap ander weer by die agterdeur uit. (In die openbaar word hierdie verskynsel gewoonlik net ten opsigte van hoofstroom- (gevestigde) kerke uitgelig). Jamieson wys verder daarop dat daar ook ŉ ontgogeling met die charismatiese is en dat mense meer en meer hul geestelike heil buite die kerk soek. Dit is verstaanbaar dat mense nie meer die kerk vir hulle geestelike opbou nodig het nie. Die Rooms-Katolieke Kerk het dan eeue lank lidmate nie toegelaat om sélf die Bybel van te lees nie (Van Niekerk 2005:40).

Suid-Afrika ervaar dieselfde tendense in die huidige gevorderde *communitas*-fase. Lidmaatgetalle van die grootste hoofstroomkerke is aan die afneem.

- Oggenderedienste word meestal deur senior lidmate bygewoon, terwyl aanddienste in bykans alle gemeentes deur veel minder mense bygewoon word.
- ŉ Ondersoek deur Market Research Africa, in opdrag van **Business Day,** het getoon dat 71% van mense bo 50 gereeld kerk toe gaan, teenoor 58% tussen 24 en 34. Daar is ook bevind dat 77% vroue kerk bywoon, teenoor 51% mans (**Die Burger** 18 Februarie 1998).
- Annes Nel (2003:19) verwys in hierdie verband na ŉ ondersoek wat hy per e-pos in Namibië gedoen het en waarin die antwoorde wat hy terug ontvang het daarop dui dat ŉ hoë persentasie van jong mense (99,4%) in God glo, maar dat die Christendom (Christene) se uitlewing van God onderaan hulle lysie is. Die werklikheid is dat die oorgrote meerderheid jeug nie veel erg aan die kerk het nie. Mense is nie meer erg opgewonde oor die tradisionele kerk nie. (Vergelyk ook Jones 2001.)
- Vanuit waarneming in die praktyk, blyk dit dat die NG Kerk oor die algemeen haar groeiplafon bereik het. Die enigste noemenswaardige toename in lidmaatgetalle is deur die toevoeging van dopelinge. Die getalle groei nie soseer uit bekeerlinge deur evangelisasie nie, omdat die volkskerksindroom te sterk in die NG Kerk gevestig is. In **Beeld,** 22 Maart 2001, word die opmerking in die redaksionele kolom gemaak: T*radisionele Afrikaanse kerke sal moet wakker word en by die ware essensie van kerk wees uitkom, veral rakende hul taak oor die jeug. Baie Afrikaanse kerke weet nie meer hoekom God hulle ingestel het nie. Vir hulle gaan dit oor kerk wees ter wille van kerk wees en die instandhouding van strukture en ordes ter wille van die handhawing van ŉ eie identiteit.*

Daar is mense wat beweer dat die kerk (die plaaslike gemeente) haar jeug nie meer regtig ken en verstaan nie (generasie- en tydsfaseverskille). ŉ Beduidende getal jeugdiges verstaan nie meer die rede waarom hulle belydenis van geloof moet aflê nie. Hulle verstaan min van die liturgie en vind nie altyd regtig verstaanbare sin in die prediking nie. In baie gemeentes is daar nie aksies om die belydenisklas na belydenisaflegging aktief in te skakel nie. Die gebeure plaas die kerk in die algemeen in ŉ situasie waar p*redikante en ander kerklike ampsdraers gekonfronteer word met geloofsverval en afwysing van tradisionele leerstellings. Kerke en kerkaktiwiteite loop leeg omdat groot persentasies mense in gemeentes nie meer belangstel nie* (De Klerk 1998:13).

De Klerk wys voorts daarop dat hierdie krisis nie onverwags is nie: dit skrif was dekades gelede reeds in Europa en Amerika aan die muur. Dáár het egter kerke doelgerigte stappe gedoen om nuwe leivore te grawe om die boodskap van God te kanaliseer, sodat dit weer lewende water kon hou.

In die elektroniese tydskrif van die Universiteit van Pretoria se Teologiese Fakulteit (www.teo.co.za), skryf Hennie Pieterse dat vernuwing en die charismatiese baie na aanmekaar lê en deel geword het van die kerklike funksie in ons tyd. Hy onderskei tussen twee tipes eredienste wat tans in die NG Kerk aangetref word, naamlik:

- Tradisionele dog ekumeniese vernuwende eredienste

- Charismatiese dienste.

Die charismatiese beweging, sê Pieterse, *streef daarna om vir die sogenaamde 'seekers' voorsiening te maak. Hulle is hoofsaaklik ongebonde aan enige kerkgenootskap, en hongerig op soek na 'n spiritualiteit van voortdurende geestelike ervaring op 'n baie persoonlike, onkonvensionele en praktiese wyse waarin hul behoeftes en begeertes sentraal staan.* Hierdie 'geestelike' lidmate het dikwels 'n verbruikersmentaliteit en verbind hulle nie met lojaliteit aan 'n betrokke gemeente nie.

**2.4 Die kerk en die verwerking van verandering**

Hendriks (1992:387) skryf dat gemeentes deur verskillende stadiums kan beweeg tydens die verwerking van verandering in 'n *communitas*-fase. Hy noem die volgende gebeure as kenmerke van so 'n tyd:

- *Afhanklikheid*
- *Onsekerheid*
- *Kritiese gesindheid*
- *Akkommoderende fase*
- *Opofferende ingesteldheid.*

Wanneer hierdie reaksies (stadiums) ondersoek word, blyk dit dat elkeen positiewe en negatiewe aspekte uitoefen oor verwagtinge soos, byvoorbeeld, leierskapstyl, kommunikasie en rolvervulling.

**2.4.1 Afhanklikheid**

Wanneer verandering plaasvind, is daar 'n stadium waarin 'n gemeente baie afhanklik is van die leierskap wat gebied word. Hendriks (1992:387) maak die stelling dat die afhanklike stadium gekenmerk word deurdat lidmate voel dat hulle min mag, invloed en seggenskap het, omdat hulle in 'n hoër vlak van afhanklikheid van hulle leiers funksioneer. In gemeentes waar die meerderheid lidmate oor 'n laer vlak van tersiêre opleiding beskik, word hierdie afhanklikheidsgevoel verhoog. Die geestelike leier in so 'n gemeente speel dikwels die rol van mediator tussen die mense en God en funksioneer as 'n tipe Moses-figuur. Leiers bekom dan dikwels 'n magsbasis waarbinne hulle 'n vrye mandaat het om baie outoritêr op te tree. Dit is interessant dat vroue dikwels die meerderheid in hierdie gemeentes en gemeenskappe is en ook sterker figureer.

**2.4.2 Groepsvorming**

Verandering veroorsaak dikwels 'n groepsvormende fase wat in die teken van onsekerheid staan. Wanneer groepe gevorm word, lê veiligheid in die groep se waardes en opinies. Die besluite van die groep is bindend. Deelname en sosialisering in die groep se aksies gee 'n gevoel van sekerheid en word dikwels met geloof verwar. Wanneer daar 'n gemeenskaplike vyand is, word die groep of samebondelingsfase al hoe sterker. Sterk bande laat die leiers met ongekende mag en seggenskap. Hul besluite is die amen, al sou dit ook op foutiewe Skrifuitleg berus. Uiteraard is kritiese oordeel in so 'n groepsamestelling afwesig en word die sin vir balans totaal versteur. Hierdeur stagneer die groep se uitkyk uiteindelik en is die meeste aksies op die

handhawing (en oorlewing) van die *status quo* ingestel. Hendriks (1992:388) sê dat die NG Kerk gedurende die apartheidsjare, 'n goeie voorbeeld van so 'n '*clustering'* was.

### 2.4.3 Kritiese gesindheid

Hierdie fase word gekenmerk deur herlewingsmomente waarin lidmate charismaties én krities ingestel is. Aksiegroepe wat kenmerkend wegbeweeg van die tradisionele en dogmatiese gebruike en lering in die gemeente word in die lewe geroep. 'n Stryd ontstaan om dit wat die groep glo wat reg is, as norm te vestig. Die fase word deur twee uiterste pole gekenmerk:

- 'n Behoudende groepering: Hulle bevraagteken die nuwe of veranderde en handhaaf 'n fundamentalistiese vertolking van Skrifwaarhede.
- 'n Vernuwende groep wat meestal liberaal denkend is.

Kleingroepe van *like-minded individuals* is tipies van hierdie fase. Die uiteindelike resultaat van hierdie tipe groepvorming is soms katastrofies, omdat eie behoeftes die fokuspunt is en wyer perspektief ontbreek. *Typical examples of this stage within the DRC family are the congregational movement for building up and the 'Broederkring' (Circle of Brothers) who partook in the struggle against Apartheid* (Hendriks 1992:388).

### 2.4.4 Akkommoderende fase

In hierdie fase ontwikkel daar 'n openheid en daar is ruimte vir verskillende opinies. Die kenmerk van die afhanklike stadium is dat die leraar die toon aangee. Hierteenoor word die groepsfase deur groepsbelange oorheers; die kritiese fase deur mense wat beweer dat hulle die 'lig' gesien het; en die akkommoderende fase deur mense wat geestelik meer volwasse en hermeneuties sensitief is en wat die denke en opinies van ander lede in ag neem. Gemeentes in laasgenoemde fase beskik oor die vermoë om diversiteit en pluralisme te hanteer. Goeie leierskap kan in hierdie fase in die gemeente ontwikkel word.

### 2.4.5 Opofferende ingesteldheid

Dit is die fase van wysheid, innerlike sterkte en integriteit. Die *ek* is sekondêr terwyl die *ander* van primêre belang is. Die fase word gekenmerk deur 'n balans in spirituele intellektualiteit. Die 'fyn aanvoeling' waarvan Paulus in Filippense 1: 9 skrywe, kenmerk hierdie fase. Ongelukkig is hierdie groep gewoonlik in die minderheid binne die gemeente en word hulle daarom dikwels die slagoffers van onkundige kritiek. Hulle is ondersoekend en aanvaar dat daar nie absolute waarhede op alles is nie. *People in this stage are taboo-breakers, barrier breakers and thus extremely exposed to the wrath of autocratic rulers or systems* ( Hendriks 1992:389).

Die eerste twee fases beskryf mense wat as 'kultuur-tradisie'-lidmate bestempel kan word. Hulle het in die 'sisteem' (kerk) grootgeword, het daar gesosialiseer en glo dat eenheid in die kerk beteken dat almal 'saamstem'. Hulle hanteer diversiteit en denkverskille daarom baie moeilik. In hierdie fase word geloof baie passief ervaar en groei 'n gemeente wat binne so 'n denkpatroon vasgevang is moeilik. Wanneer lidmate

ontsnap uit die '*my-way- faith'* en die belange van die gemeente begin vooropstel, beweeg hulle in die vierde en vyfde fases in, waarin groei en geestelike volwassenheid bereik word.

Hendriks (1992: 390-391) sê dat sy navorsing daarop dui dat gemeentes wat in die eerste drie fases verkeer, ŉ plato-situasie ervaar. Hulle kan nie verder ontwikkel nie. Hy sê ook dat die pastor in hierdie situasie 'n belangrike rol speel. *A pastor cannot lead people beyond the stage of his own hermeneutical frameword and spiritual maturity. Many pastors are 'locals'* (hier gebruik met verwysing na lidmate wat gewoond is aan ŉ stabiele, tradisionele gemeente, gemeenskap en buurt) *stuck within the first two or three stages. The spiritual leader has a crucial role to play in this regard. If he reneges upon his responsibility, people either leave the church, join another congregation or become 'free riders'*. ŉ Interessante vraag is waarom die kerk baie lidmate verloor voordat hulle in die akkommoderende fase betrek kan word. *The answer seems to be that these people leave church partly because they react against the clustering stage or the critical milieu, and also because the church leadership does not know how to accommodate them* (Hendriks, 1992:39). Die kerk wil hierdie mense dikwels in die kerklike sisteem en struktuur inforseer waar hulle nie tuis voel en dus nie kan funksioneer nie.

### 2.5.Transformasie en kerklike leierskap

Die totale omwenteling in die politieke bestel in Suid-Afrika het nie net in die samelewing nie, maar ook die kerk ingrypend geraak. Kerklikleierskap, soos beliggaam in leiding deur die Sinode, Ring en die kerkraad, het sterk onder die soeklig gekom. Kerkleiding vanuit meerdere vergaderings is hier gekoppel aan die van die plaaslike kerkraad. In baie gevalle het die media as instrument tot dialoog gedien tussen talle kerklidmate wat kritiek het oor die kerk se leiding en hantering van aktuele sake. Onderstaande voorbeelde is lesersbriewe van NG kerklidmate wat in **Die Burger** van 15 en 16 November 2006 verskyn het:

> ***NG kerk reeds geëtiketteer*** (**Die Burger** 15 November 2006**)**
>
> *My dominee, van ŉ welvarende gemeente naby Kaapstad, sê ek beskou dié 'gay-ding' wat die NG Kerk so borrels laat hap, in ŉ veels te ernstige lig. Hy sê dat die dominees in húl groepie (van wie die menings op ŉ skaal by een, by tien, of iewers in die middel lê) alte lekker bly saamwerk en dat hulle nie toelaat dat dié meningsverskilletjies tussen teoloë en die verwarring onder lidmate die harmonie tussen hulle versteur nie. Die boodskap wat ek toe innemend-vermanend van hom kry, is dat ek dit moet 'cool', die hele ding is glad nie so erg/ernstig nie.*
> *Toe het ek hom nou maar nie gevra wat ek my kinders moet antwoord op hul vrae hieroor nie. Ook nie wat ek moet doen oor hul weiering om langer na die NG 'gay-kerk' (ja dominee, julle is al klaar geëtiketteer) te gaan nie.*
> *Want hoe sal hy en die kerk my nou met kinderonderrig en Bybel-uitleg/gesag kan help? Dié pluis ek sommer voortaan uit tussen my en my God, en skakel die span draadsitterige, meninglose middelmanne uit.*
> *Terwyl ek my dus met dié klein goedjies besig hou, wens ek my dominees baie sterkte toe met groot besluite oor die Kersmark en Kerskonsert, die kerkbasaar, die vroue-en mannekampe, die kerk-'band' en voorsangers,*

*beplande aanbouings aan die kerkstruktuur en hul pensioenfondspraatjies noudat die kerkherenigingsproses dreig om dié gemaksone te kom versteur.*
*Nie verward*
*Kaapstad*

***NGK nie warm of koud*** (**Die Burger** 16 November 2006)

*In Die Burger van 31 Oktober in die artikel 'Gay- huwelike sukkel om jawoord te kry' lees ek dat die NG Kerk ten gunste daarvan is dat dieselfde erkenning aan gay-verbintenisse gegee moet word as die tussen 'n man en 'n vrou.*
*Daarteenoor hoor ek ook dat die kerk teen sodanige gay-huwelike is. Dit is hierdie standpunt en/of uitspraak van die NG Kerk – wat nóg ja nóg nee is – wat vir my as lidmaat van die NG Kerk moeilik is om te verstaan.*
*Gedurende Pinkster vanjaar is in ons gemeente onder meer gepreek uit Openbaring 3:14-22 met as tema 'Is julle koud of warm?' Die boodskap wat ek nou kry van ons kerkleiers wat erkenning gee aan 'n gay-verbintenis, weerspreek dit wat ek tot nou toe verstaan het in die boodskap: 'Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was!' Dankie aan daardie kerke en groepe vir hul standpunt en uitspraak wat Bybels gefundeer is.*
*Hennie Pretorius*
*Schoemanshoek*

### 2.5.1 Stille diplomasie

Briewe soos hierdie is as koerantgegewe die 'taal van die volk' (wat nie as niksseggend beskou mag word nie!) en waarskynlik gemotiveer deur die persepsie dat die NG Kerkleierskap die afgelope vyf jaar redelik stil en neutraal was oor aktuele sake. Talle van die sake wat die publiek (kerkvolk) opper, is wel deur die kerkleierskap in vergaderingsale bespreek (vergelyk hier die **Agenda en Handelinge** van die Algemene Sinodes van 2002 en 2004), maar hulle het nie in die media die leidinggewende koers aangedui wat verwarde en onseker lidmate sou verlos uit enersyds onkunde en andersyds uit foutiewe fundamentalistiese 'sekerhede' waarmee hulle oor jare heen deur die kerk met melkkos (lering in die erediens) gevoer is nie.

- Dat die NG Kerk se leierskapsvermoëns na 1994 uitermatig getoets is vanweë die invloed van die *communitas*-fase op kerklike leierskap is onbetwisbaar. Dit verklaar tot 'n mate dat die leierskap binne die NG Kerk en veral in die plaaslike gemeente soms ontbreek het of huiwerig was met besluite en uitsprake. Plaaslike leraars het byvoorbeeld nie 'n finale kerklike antwoord oor homoseksualiteit in die gay debat nie en volg hulle eie oortuigings oor die saak in berading met lidmate. Oor hierdie saak en die besluite oor die verlopende proses van kerkhereniging kom daar hopelik duidelike leiding van die Algemene Sinode in Junie 2007.

### 2.5.2 Identiteit van die predikant

Die beeld van die leraar soos verteenwoordig deur sy/haar amp is in die huidige oorgang onder die vergrootglas, omdat daar gaandeweg onderskeid getref is tussen

'konserwatiewe' en 'verligte (vernuwende/liberale) predikante. Persoonlike ervaring en waarneming oor bykans vyf en dertig jaar het my tot die volgende konklusie oor leraarsidentiteit gebring:

- 'Konserwatiewe' leraars dra donker pakke klere en (wit) dasse in sekere sinodale gebiede wanneer hulle die erediens lei. By geleentheid selfs 'n toga.
- 'Konserwatiewes' gebruik die riglyne in die Kerkboek vir die erediensliturgie woordeliks.
- Hulle is eng en nougeset en identifiseer sonde skynbaar redelik maklik.
- Hulle het baie 'vrese' en 'worstel' met talle sake.
- Hulle hou van vergaderings en bespreek bedreiginge en hoe om dit die hoof te bied vir ure lank - en geniet dit skynbaar.

Daarenteen is die meer vrydenkende leraars

- Nie meer gebonde aan liturgiese tradisies as orde in die erediens nie. Hulle wend tegnologiese hulpmiddele aan om die erediens 'op te kikker'.
- 'Verligtes' dra jeans, uithanghemde, kruise om die nek, en besoek lidmate op 'n warm dag in 'n kortbroek en sandale.
- Hulle gebruik liturgiese serpe as simboliek en skep nuwe rituele in eredienste.
- Hulle veroordeel ander skynbaar nie so vinnig soos hulle meer konserwatiewe kollegas nie en steun baie op die genade en liefde van die evangelie.
- Daar is nie 'boksies' vir verskillende groter en kleiner sondes in hulle denke nie.
- Vergaderings is vir hulle meer geestelike byeenkomste en word baie informeel gehou.
- Hulle skryf ook nie gedurig dat hulle 'bang' vir iets is nie.

Identiteit onderskeid tussen leraars is tans sterk op die voorgrond. Dit hang saam met die feit dat die NG Kerk besig is om in verskillende gemeentes te ontwikkel wat ten opsigte van identiteit totaal van mekaar verskil. Daar is nie soseer 'n identiteitskrisis ten opsigte van leraars nie, maar wel ten opsigte van die vestiging van verskeie leraars- en gemeente identiteite binne die kerk.

### 2.5.3 Kerkleierskap

Daar is die afgelope dekade baie oor kerkleierskap geskryf. Dit is dus noodsaaklik om te vra of kenmerke van leierskap in die kerk, onveranderd bly in oorgang van die een fase na die ander. In die antwoord op hierdie vraag behoort onderstaande standpunte van kerkleiers oorweeg word:

- Daar is niks belangriker in die kerk en plaaslike gemeente as leierskap nie. Dit bepaal inderdaad die oorlewingsvermoë van 'n gemeente (Blackaby 2001:20).

- *The church has an utterly unique mission to fulfill on planet Earth, and that the future of our society depends, largely, on whether or not the church leaders understand that mission and mobilize their congregations accordingly* (Hybels 2002:16).

- *One of the most important skills of leadership is learning to distinguish between what is essential and what isn't* (Warren 1995:71). Warren onderskei tussen primêre sake, wat die boodskap van die kerk en die motivering vir die verkondiging van die evangelie is, en sekondêre dinge wat strukture en die bestuur raak. Hy verwys ook na Albert Einstein wat gesê het dat een van die swakhede van die twintigste eeu is dat die *metodiek*, belangriker geword het as die *doel* daarvan. *For the church, this is especially dangerous. We must never become so enamored that we lose sight of our mission and forget our mission.*

- *Tons of books and magazine articles on the importance of leadership have rolled off religious and business presses in recent years. Why does this crucial quality still seem AWOL?* (Herb Miller 1997: 9-15). Dit is duidelik uit Miller se standpunt dat hy dink dat kerkleierskap oor die afgelope twee dekades baie moeiliker geword het. Leraars ontvang nie enersluidende opleiding nie. Dit veroorsaak verskillende leierskapstrategieë in gemeentes. Kerke van dieselfde denominasies verskil baie van mekaar, dus sal die tipe leierskap wat daar aangetref word, ook verskil. Miller wys verder daarop dat *the new societal ideal of pluralism (born in the 1960's) began affecting the need to respect the individualism expressed in minority opinion.*

- Shawchuck & Heuser (1993:159) handhaaf die standpunt dat elke organisasie 'n begin, 'n groeitydperk, 'n tyd van volwassenheid en 'n tyd van stagnasie of dood beleef, tensy daar drastiese interne vernuwing plaasvind. Hulle wys daarop dat dit ook die geval met die kerk is. Elkeen van hierdie stadiums vra 'n spesifieke leierskapstyl. Aanpassing deur die leierskapgroep is van kardinale belang wanneer omstandighede verander. In die kerk is hierdie waarneming van uiterste belang, omdat daar dikwels met oneffektiewe leierskapstyle, soos met oogklappe aan, volhard word. Die uitdaging is om te besef dat die gemeente en die gemeentelike omgewing gedurig verander en dat leierskap hierby moet aanpas. *If the church does not learn to adapt to these internal and external changes, it will not survive.* Dit beteken dat kerkleierskap die huidige gevorderde *communitas*-fase moet verdiskonteer deur daadwerklike praktiese en aktueel-antwoordgewende leierskap.

- Shawchuck & Heuser meen dat talle kerkleiers in hul gemeentes agter die tradisionele manier van doen skuil teen die stormwinde van verandering en onsekerheid wat in die wêreld waai. Dan lei die Herder nie die skape nie, maar word leiers opsigters en onderhouers van die kudde, *befriended and pastured, themselves, by the flock* (Shawchuck & Heuser 1993:20). Hulle verwys na die begrip *acedia* wat hy beskryf as *noonday sun*, of *spiritual sunstroke*, wat daarop dui dat leiers in die kerk in 'n passiewe modus verval waarin hulle slegs die status quo handhaaf.

- Holmes (1982:42) beskryf bostaande gebeure as *common malady among monks, priests, and laypersons who lived under the desert sun*. Daar word ook na die groep as die 'woestynvaders' verwys, omdat hulle geglo het dat die duiwel in die woestyn konfronteer moes word. Hier het hulle die passie vir die bediening om baie redes verloor en sonder enige doel voor oë 'n geestelike

verveling beleef. Hierdie beeld is veral van toepassing op kerkleiers in hulle middeljare, skryf Shawchuck & Heuser (1993:20): *Leaders in their middle years are especially vulnerable when life has been daily for a long time and promises to be exceedingly daily for a long time into the future.*

- Herb Miller (1997:15, 62-68) wys daarop dat *character, competence, compassion, experience, personality, faithfulness* en *productivity* deel van die leier se vermoëns behoort te wees. Dan sal hy in staat wees om aanpassings te maak en effektief te lei, al verander omstandighede. Vir Miller (1997:70) is die basiese leierskapsvereistes: *exellence, objectivity, innovation, persistence, communication, inspiration, caring, sensitivity, receptive listening, forthrightness, conflict management* en *time management*. Op die vraag of hierdie vermoëns aangebore eienskappe is en of dit aangeleer kan word, is sy antwoord: *Yes! If medical schools can teach brain surgery, leadership skills are surely teachable.* James Berkley (1992:114) stem nie hiermee saam nie. Hy handhaaf die beskouing dat ŉ mens reeds oor sekere gawes moet beskik om suksesvol onderrig te kan word in leierskap.

- Leierskap op kerklike vlak moet ten doel hê om die struktuur van die gemeente só te lei dat die evangelieverkondiging uitmuntend kan geskied. In die kerk gaan dit om mense wat glo en wat verder op hulle lewenspad begelei moet word om dissipels van die Here te wees. *Die basiese struktuur van die kerk kom dus hierop neer: Enersyds God wat in genade mense in Jesus Christus uitverkies en roep en andersyds mense wat uit gehoorsaamheid instemming met Gods bedoeling betuig* (Heyns 1977:20).

- Wanneer daar na Paulus se verbintenis met die gemeente van Korinte gekyk word, kom die volgende na vore: Paulus is bevrees dat sy verhouding met die gemeente skipbreuk kan lei, maar herinner hulle daaraan dat hulle deel van die liggaam van Christus is en daarom aan mekaar verbonde is. (Vergelyk 2 Korintiërs 1:5.) Hy lê baie klem daarop dat leiers in die gemeente eers getoets moet word voordat amptelike funksies aan hulle toevertrou word. Leiers is immers rolmodelle (**τὺπος**) wat deur die gemeente nagevolg word. (Vergelyk Green, 1996:117; Zemek, 1993:165-185; Martin 1995; Kittel, volume VIII, 1972:246-250; en Den Heyer 2000 oor Paulus.) Vir Paulus was dit belangrik dat sy afwesigheid nie leierskap in die gemeente moet kortwiek nie, maar dat persone met karakter, ŉ goeie reputasie en betroubare optrede leiding moet neem.

- In ons tyd bestaan die gevaar dat kerkrade leierskapsvakatures vul met mense wat nie aan die vereistes vir die amp beantwoord nie. Callahan (1990:38) beskryf die interaktiewe eienskappe/karakter van leierskap binne die kerk as volg: *Each understanding of the nature of leadership draws on an underlying philosophy of life, is affected by its perception of the major trends emerging in the culture, and is influenced by a distinctive theology of the church.*

Doelgerigte missiologies-gerigte leierskap is die behoefte van die kerk binne ŉ *communitas*-fase anders verval gemeentes tot sentrifugaal-gerigte aktiwiteit en vind onttrekking uit die samelewing plaas. (Vergelyk Cilliers 1998.)

ŉ Belangrike vraag is of die leierskapvakuum in die NG Kerk tans vererger word deur die verskille binne die leierskapskring oor sake soos kerkeenheid, homoseksualiteit en nuwe teologiese interpretasies, soos deur die 'Nuwe Hervormers' bepleit. Dra dit daartoe by dat die NG Kerk in die breë ŉ leierskapskrisis (in die sin van onsekerheid) ervaar? Enkele mediaverklarings deur die leierskap van die NG Kerk oor vraagstukke vergoed nie vir die persepsie dat die President van die AGS tans as die *woordvoerder vir die kerke* in Suid-Afrika beskou word nie. Dit is hy wat in die pers kommentaar lewer oor sensitiewe aangeleenthede terwyl die NG Kerkleiers swyg en skynbaar vrede het met sy fundamentalistiese uitsprake.

Leierskap word geraak wanneer teologiese verskille in die kerk opduik en lidmate leiding en rigting by die kerkleiers soek, maar dit nie ontvang nie. Teologiese stilte of traagheid met aksies versterk kerklidmate se kommer. Wanneer verklarings wel gemaak word, lyk dit soms ook asof daar aan gelowiges koek in plaas van brood gebied word.

### 2.5.4 Leierskapstremminge in die kerk

Behalwe dat kerke in die breë ŉ probleem het met leierskap tydens ŉ oorgangsfase, is daar soms ook ŉ gebrek aan leierskapvermoëns by die kerkleiers self. Kenneth Prior skrywe dat naas disfuksionele leierskap, die persoonlike faktore in ŉ kerkleier se mondering ook problematies kan wees.

- Magspel teen of deur godsdiensleiers, huwelikspanninge, oormatige kritiek, depressie en oorsensitiwiteit beïnvloed leierskap nadelig. Dikwels word leierskapsverantwoordelikhede aan individue opgedra ongeag of hulle bevoeg daarvoor is of nie. *All of these, plus the dysfunctional leadership expressions and more, constitute the 'dark side' of religious leadership – darksome forces with which many, if not all religious leaders must do business"* (Prior 1990:105).

- Kerkstruktuur vorm soms ook ŉ hiërargie wat leierskap verhinder. *They have been unable to contribute because their churches are neither led by leaders nor by those who understand leadership* (Barna 1997:19). In die normale strukture waarbinne mense funksioneer, is dit alleen sterk visionêre leierskap wat verandering en navolging bring. Shawchuck & Heuser (1993:23) sê dat die probleem in baie gemeentes (veral die waarin groei ŉ afwaartse kurwe toon) is dat hulle sonder leierskap verhinder word omdat hulle *oorbestuur* word. *Many congregations talk of wanting a leader but exert great pressure to make the pastor into a manager, because managers can be domesticated, but leaders have a vision and a passion that cannot be fully tamed.*

- Leierskap-traagheid kom soms voor wanneer die leier so verwond word dat hy/sy hom/haar terugtrek in ŉ veiliger sone waar daar minder spanning en kritiek is. Binne die kerk is dit ŉ bekende verhaal wat maklik as 'eersugtigheid' afgemaak word, maar dit is dikwels ŉ manier van selfbeskerming.

- Die teendeel vind natuurlik ook plaas. Verkeerde en eersugtige trots by leiersfigure in die kerk duld geen ander leier naby nie; sien nie die behoeftes

van ander raak nie; en dink dat alles self beter hanteer kan word, sonder raad of bydraes deur ander. Dit is gevaarlik: *to abandon leadership to powerwielders in the church rather than have to come to grips with what failure or success meant. Paul's visits, fellow workers, and many letters may have finally established the authority of his presence, and the presence of his authority, among the Christians at Corinth. But without what sense of embodied presence in the community, Paul or any other leader risks going so far off the edge as to become unconnected with the centre, thereby losing the credibility that gives the leader's voice the power to move the centre to begin with* (Bondi 1989:110).

- Volgens George Barna (1997:18-19) het die gevestigde kerke in Amerika baie geleenthede en bronne, maar tog verloor hul toenemend invloed. *The primary reason is the lack of leadership,* dit is visievolle leierskap. Indien leierskap in die kerk nie nodig was nie, dan sou dit nie as gawe aangedui word in die Nuwe Testament nie en sou daar nie so baie eienskappe van leierskap en leiersfigure in die Bybel verskyn het nie. Jetro sou nie vir Moses met sy administrasie bygestaan het nie, Jesus sou nie sy dissipels opgelei het en Paulus sou nie Timoteus se mentor gewees het nie. Hy sê voorts: *The current exodus from the church is partially attributable to the flight of laity who possess leadership abilities, gifts and experience. These individuals, whom the Church so desperately needs, are leaving the Church because they can no longer stomach being part of an alleged movement that lacks strong, visionary leadership.,*

- Bondi (1989:103) wys daarop dat leierskap dikwels ontbreek in die kerk vanweë vrees vir konflik. Dit is 'n natuurike verskynsel dat mense van konflik wegdeins, omdat vrees vir verandering en kritiek wat hierop uit die gemeente volg die pastor laat terugdeins. *No one aspiring to be a transforming leader – and that is an aspiration the vocation of ministry requires - can avoid the possibility of disruptive and unsettling conflict*. *In fact, whatever else they are, successful leaders are those who transform the sharpest conflicts into constructive movement toward the destination of the heart.* Leiers in die gemeente kan soms voel dat enigiets wat hulle doen die onmin van iemand op die hals haal. Baie leraars weet nie hoe om konflik te hanteer nie. Hulle beweer gewoonlik dat hulle in hul bediening op die bou van 'verhoudings' konsentreer, maar in der waarheid skram hulle bloot weg van alle moontlike tekens van konflik. Vrede bo alles! 'n Ware leier kan konflik egter nie bly ontduik nie. Dit moet effektief hanteer word, dan kan dit lei tot 'n positiewe faktor wat tot 'n saak bydra.

- Huiwering deur kerkrade om in 'n *communitas*-fase af te sien van die tradisionele manier van kerkleierskap in 'n medeleraarspan, en 'n leier binne die betrokke groep aan te wys, kan 'n vernietigende uitwerking hê op strategiese leiding in 'n gemeente, omdat daar dan min of geen bemagtiging tot sterk leierskap is nie. Wanneer kerkrade hulle hieraan skuldig maak, verdien die gemeente die gebrekkige leierskap wat hulle ontvang. *Where ministry is defined chiefly by the weight of tradition, the pressures of social conformity, and the capacity of a denominational retirement system, it becomes easier to find reasons to hold on to the centre against the disruptive impulses of the*

*edge* (Bondi 1989:98). Die bekende uitspraak van Plato **(Die Republiek)** geld hier naamlik dat ŉ volk sy leiers verdien.

- In die kerk word bestuur dikwels met leierskap verwar. Daar behoort ŉ duidelike riglyn binne gemeentes te bestaan wat die verskillende aspekte van die twee funksies onderskei. *Today our rapidly changing world presents a constant universe of challenges to its leaders. In such a time, it is not enough to have managers who know how to do things right. It has been said we need leaders who can articulate and envision the right things to do,* (Barna 1997:124).

Baie gemeenteleiers ervaar in die huidige *communitas*-fase onderstaande onsekerhede:

- Onsekerheid oor strukture en die wisseling daarvan in spesifieke gemeentes.
- Wyksvulling of taakvervulling – Hoe versoenbaar is dit met die ampsbeskouing van die gereformeerde teologie?
- Hoër- en laerorde take – uitvoerend (met vergaderings) of slegs dienend (sonder vergaderings)?
- Waar pas die funksie van die ouderling en diaken volgens die kerktradisie (oorlewering) in nuwe stelsels en strukture in?
- Is die ampte kanoniek?
- Spesialisverkiesing of tradisie om die 'goeie ou' in die samelewing voor te stel? (*Ons ken hom, hy is ŉ onderwyser!)*
- Gawe- en leierskapsbepalinge ten opsigte van die ampte?
- Gemeentedeelname aan die nominasie (opstel van groslyste)
- Leemtes in die 'gebalsemde' wykstelsel
- Tydsgebonde dienstermyne
- Weggaan van leraars uit gemeentekring (gereformeerde beginsel)
- Makro-/mega-opset
- Salaris en pakkette vir leraarsdiens
- Prestasiebonusse volgens gemeente-omset.
- Besoldigde ouderlinge
- Kommissie vir diakens

### 2.5.5 Aanwysing van leiers in ŉ gemeente

Leierskap gaan oor die feit dat individue die spesifieke take wat aan hulle opgedra is, uitvoer en daarvoor verantwoordelikheid neem. Dit is wat *accountability* beteken. Leierskap sonder verantwoordelikheid is geen leierskap nie. *Someone has to carry the bal,* (Mittelberg 2000:136). Daar kan nie vordering wees indien daar nie leiers is wat spanne kan saamtrek en in ŉ bepaalde rigting werk nie. As besighede wil oorleef, is daar twee belangrike sake waaraan hulle aandag moet gee: eerstens moet hulle huidige kliente tevrede stel en tweedens moet hulle nuwe kliente werf. *So why is it that most churches – churches that say they want to prevail for generations to come – don't have anyone in charge of aquiring new business? If they're serious about surviving in the future, they're going to have to find and equip the missing person whose job it will be to reach people outside the church* (Mittelberg 2000:137).

- Dit is ondenkbaar dat ŉ gemeente sonder ŉ kategesehoof of ŉ leier by die jeugspan kán of selfs wíl funksioneer. Dieselfde geld gemeentemusiek, koorbegeleiding, evangelisasie, ens. *Whenever a ministry is deemed important, somebody is put in charge of it* (Mittelberg 2000:137). Daar word egter van medeleraarspanne verwag om effektief te funksioneer ten spyte van die feit dat daar geen kerklike riglyne bestaan om ŉ leier in medeleraarsituasies aan te wys nie. Binne medeleraarsverhoudinge geld dieselfde strukture as wat vir ŉ enkel leraar in ŉ gemeente geld. Dit veroorsaak dat daar gedeelde leierskap is wat beweging vertraag. Bemagtiging ontbreek dikwels en daar is ŉ gebrek aan '*accountability'*. Dit is baie makliker om ŉ instansie te bedryf indien die verantwoordelikheid uiteindelik by ŉ raad lê en nie by individue nie. In ŉ volgende hoofstuk word daar na die aanwysing van ŉ leierleraar gekyk.

- Gebrek aan leierskap is duidelik sigbaar in ŉ gemeente waarin daar nie leiding gegee word nie. Die gevolg is dat lidmate (volgelinge) al hoe meer skepties raak en wonder of die persone wat as leiers aangewys is, werklik kán lei. Mense weet immers instinktief dat iemand nie ŉ leier is bloot omdat hy sê hy is ŉ leier of omdat hy ŉ leierskapposisie beklee nie (Blackaby 2001:17). Dit is ŉ wesentlike verantwoordelikheid van die kerk om persone nie in leierskapsposisies te plaas indien hulle nie daarvoor bevoeg is nie.

Die gebrekkige beroepstelsel van die NG Kerk lê aan die hart van die leierskap- en identiteitsonsekerheid oor die ampsvervulling van die predikant. (Sien Heitink, 2001 oor die verbygaande rol van die predikant op bladsye 15). Dit word vererger omdat kerkrade op hul beurt weinig leiding aan die leraar wat die beroep aanneem gee sy ampsvervulling in die betrokke gemeente. Die volgende proses word gewoonlik tydens die beroeping van ŉ nuwe leraar gevolg:

**2.5.5.1 Verkiesing van leiers in die NG Kerk**

Binne die NG Kerk word leiers volgens die voorskrifte van die **Kerkorde en Bepalings** van die kerk verkies. In die praktyk is die vermoëns en spesifieke gawes van individue tot onlangs ŉ ondergeskikte geag. Onderstaande prosesse word by die verkiesing of aanwysing van leiers gevolg:

- Uit/insluiting van die gemeente ten opsigte van nominasies
- Opstel van die profiel van die vakature in die gemeente
- Pre–advieskommissie word aangewys om groslys te suiwer na die aansoeke van kandidate
- Advertensie en vereistes
- Onderhoude
- Prediking in gemeente
- Beroeping
- Ontvriesing- en aanpassingstyd na aanvaarding en bevestiging
- Leiding deur kerkraad ten opsigte van verwagtinge

Kerkrade bly soms in gebreke om genoegsame aandag te gee aan belangrike aspekte van die aanstelling van persone in die amp. Nuutaangestelde of -aangewysde persoon(e) ervaar dikwels onderstaande leemtes:

- Min geskrewe inligting oor spesifieke taak
- Soms moet leiers wat aangewys is die nodige inligting later self by die kerkkantoor aanvra
- Min opvolggesprekke
- Gebrekkige struktuur en leiding deur die kerkraad ten opsigte van 'dringende' en 'belangrike' take
- Min bemoediging en ondersteuning aan die nuwe predikant op amptelike vlak
- Lidmaatsverwagtinge, en hóé die predikant daaraan moet voldoen
- Leiding tot voortgang van die visievervulling in die gemeente
- *Primus inter pares* bedreiginge - nuwe predikante slaan ŉ eie koers in en herontdek die wiel in die betrokke gemeente
- Inligting oor die leierskapsposisie en verwagting van die nuweling
- Gawe-bediening teenoor rompslomp (spesialisasie)

Hierby ontstaan die volgende probleme ook vir Kerkrade in die NG Kerk:

- Uittrede en verplasing van leraars wanneer dit duidelik blyk dat hulle vierkantige penne in ŉ ronde gat is, is ŉ moeilike proses wat gewoonlik ook met die advies van die Ring hanteer moet word.
- Werkbaarheid van geformuleerde sinodale besluite oor die ruiling van standplase deur leraars word moeilik uitgevoer omdat dit nie ŉ staande praktyk in die kerk is nie.

**2.5.5.2 Die Kerkordelike vulling van wyksvakatures**

Kerkordelike bepalinge soos deur die Algemene Sinode vasgestel, bepaal die verkiesingsprosedures. Makro-gemeentes word gedwing om hiervan af te wyk en eie toepaslike strukture daar te stel as voertuig vir die realisering van hulle strategieë. (In die laaste hoofstuk word hierdie saak breedvoerig bespreek.)

**2.6 Leierskapsgawes**

ŉ Vraag wat dikwels in ŉ gesprek oor leierskap na vore kom, is of daar so iets soos leierskapsgawes bestaan? Indien wel, hoe kan die gawes binne die gemeente-opset bepaal word? Die vraag hang saam met die vraag of leiers wat geen leierskapgawes het nie, wel geléér kan word om leiers te wees.

Barna (1997:59) onderskei die volgende kategorieë in leierskap eienskappe:

- *Dominant personalities: Driven by tasks and leadership responsibilities.*
- *Influencing personalities: Driven by people and relationships.*
- *Steady personalities: Driven by relational and group cohesiveness.*
- *Compliant personalities: Driven by details and quality control.*

Dit is natuurlik waar dat meer as een van bogenoemde persoonlikheidseienskappe by ŉ individuele leier kan voorkom. Indien daar ŉ balans van al vier by ŉ leier aanwesig is, kan so ŉ persoon waarskynlik uitstekende leiding bied. Die kernvraag is egter of die eerste en vierde aspek aangeleer kan word. Kan iemand wat nie stiptelik van

natuur is nie, geleer word om stiptelik te wees? Kan getrouheid in die uitvoering van take aangeleer word? Kan iemand wat gewoonlik laat kom vir ŉ vergadering skielik vir die res van sy/haar lewe betyds wees?

Die praktyk leer dat hierdie soort gedrag tydelik deur eksterne dissipline verbeter kan word, maar dat sodra toesig of koördinering ontbreek en die individu selfdissipline moet toepas, hy/sy gou weer in ou gewoontes verval. ŉ Leier kan nie werklik lei indien hy/sy deur eksterne faktore 'verplig' word tot sekere leierskapsgedragskodes nie.

James Berkley (1992:114) vra of leierskap ŉ gawe of ŉ *postille* is. Kan jy *teach* sonder dat jy die gawe daarvoor het? Indien wel, sal dit waarskynlik minder suksesvol wees as diegene wat die natuurlike aanleg daarvoor het. Die vermoë om te preek onderskei uitstekende predikers van diegene wat dit ook moet doen, maar nie werklik die gawe daarvoor het nie. Dieselfde is waarskynlik van toepassing op leierskap. Met ander woorde, dit kan nie maksimaal aangeleer kan word nie.

## 2.7 Leierskap op weg na die nuwe *societas*

Die fout word dikwels gemaak om gemeentegroei as die teken van ŉ nuwe *societas-fase* in die kerk te vertolk. Die situasie in die NG Kerk tans is dat talle gemeentes stagneer, begroot vir oorlewing, terwyl daar ŉ geringe persentasie is wat noemenswaardige groei toon. Hierdie groei vind nie plaas in tradisionele gemeentes nie, maar in gemeentes waar vernuwing aan die orde is. Vernuwende gemeentes toon dieselfde kenmerke as independentistiese beweging oor die wêreld, naamlik dat ŉ bekende, bekwame prediker/leraar met die gemeente geassosieer word. Die aanbreek van ŉ nuwe *societas*-fase kan eerder afgelei word uit die stabilisering van die kerk in breër kerkverband, wat in die geheel in ŉ opwaartse kurwe inbeweeg.

Dit is ŉ interessante vraag of leierskap op sigself noodwendig tot groei en stabilisering in ŉ gemeente lei. Leiers van groot kerke en maatskappye word soms as individue as deskundiges op hulle gebied beskou. Dit is nie noodwendig die geval nie. Kerkgroei is afhanklik van ŉ gesonde en ontwikkelende gemeente. Dit gebeur wel soms dat lidmaatgetalle in ŉ gemeente toeneem, sonder die Here se seën. Blackaby (2001:125) wys daarop dat daar ŉ betekenisvolle verskil is tussen die opbou van ŉ kerk en die trek van getalle 'toeskouers'. Die verleiding lê daarin om te glo dat God deur skares beïndruk word. Dit is nie so nie. Individuele predikers en groot name dra wel by tot die nuuskierigheid oor die gemeente en kan positiewe getalle-aanwas tot gevolg hê. Die post-moderne mens word gekenmerk deur ŉ verbruikermentaliteit: mense woon kerkdienste by waar die beste produk aangebied word.

Daar is egter ŉ betekenisvolle verskil tussen die opbou van ŉ kerk en die trek van skares. Bemarkers kan ŉ skare trek. Dit laat die kerk egter nie groei nie. (Vergelyk Elliot 1982.) Kultusse kan massas trek, maar nie Gods koninkryk opbou nie. Baie van die mense wat Jesus gevolg het, was nie gelowig nie en het nie in Hom geglo nie. Van hulle het fisieke nood gehad en wou sy aandag op hierdie nood vestig. Die prys van dissipelskap het baie van hulle laat omdraai en huis toe gaan (Johannes 6:66). Volgens Shawchuck & Heuser (1993:125) lê die kern van geestelike groei in ŉ gemeente (*spiritual formation of the congregation)* daarin dat hulle *the experience*

*and example of the pastor* ervaar. In hierdie woorde lê daar vir predikante as leiers van die gemeente groot waarheid opgesluit: *merely pointing in the general direction will never do.*

Barna (1997:19) skryf dat hy in die prediking glo, aanbidding, sondebelydenis en rentmeesterskap saam met die vergiffenis van sonde aanvaar, maar dat hy ook glo dat *fewer and fewer people will embrace these things unless the Church can raise up strong servant-leaders who will commit their lives to using their natural abilities, marketplace experiences, education, training and spiritual gifts to maximize their call to lead God's people forward.*

ŉ Vraag wat meermale opduik is of die huidige, tradisionele leierskap binne die NG Kerk se gemeentes voldoende is om die kerk die toekoms (nuwe *societas)* in te stuur, en of nuwe, dinamiese en charismatiese kerkleiers in die NG Kerk nodig is? Die **Kerkbode** Julie 2003 berig soos volg hieroor:

- *Op grond van die Skrif word daar in die Gereformeerde tradisie geen onderskeid in rang of stand gemaak tussen die ampte en ampsdraers onderling nie. Daar is slegs van ŉ onderskeid in bedieningsfokus en ampstake sprake. Ampsbenaminge soos 'senior leraar' 'leierouderling', 'leierdiaken' en selfs 'moderator' wanneer ŉ sinode nie in sitting is nie, is vreemd aan die gereformeerde tradisie en bring die beginsel van ampsgelykheid in gedrang. Wanneer ŉ persoon in die kerk leiding neem (byvoorbeeld as voorsitter van ŉ vergadering) tree hy/sy slegs as eerste onder sy/haar gelykes (Primus inter pares) op. Christus bly die hoof van sy kerk en Hy voer sy gesag uit wanneer ampsdraers, wat daartoe geroep en afgesonder is, saam in kerkvergaderinge aan die hand van die Woord en onder leiding van die heilige gees tot besluite kom.*

- *Sleuteltekste en verklaring: In Matteus 23:10-11 staan geskryf: 'Julle moet julle nie leiers laat noem nie, want Een is julle Leier; die Christus. Maar die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien.' Die gemeente van Christus het ŉ unieke karakter en lewensstyl. In verse 8-10 wys Jesus op die gevaar dat die uitsig op God verlore kan gaan as mense hulle in die kerk vernaam ag en oor ander heerskappy voer. Die kerk as God se familie op aarde, leef in ŉ verhouding tot net een leermeester, een vader en een leier. Ampsdraers word in 1 Petrus 5:3 gewaarsku om nie hulle gesagsposisies te misbruik deur baasspelerig te wees nie. Ouderlinge moet eerder medegelowiges lei deur die goeie voorbeeld wat hulle stel van nederige diens aan ander.*

Die kerkordelike standpunt dat leiers in die kerk gelyke status het, geld tans in die NG Kerk. Mega- en makro-gemeentes het egter die probleem dat die kerkordelike een-dominee-struktuur vir gemeenteleierskap nie voldoende is vir die groter leierskapseise en medeleraarskap nie. Om verwarring te voorkom en duidelike leierskap te bevorder, het ŉ paar gemeentes vyf jaar gelede begin om die begrip 'leierleraar' te gebruik. Die gebruik is egter tot op datum redelik eksklusief in die NG Kerk omdat dit nie Kerkordelike ondersteuning geniet nie. Die bedoeling van hierdie sisteem lê daarin dat leraars wat leierskapspotensiaal het die geleentheid gegun word om hierdie gawe

ten volle te ontwikkel en in die kerk aan te wend. Matteus 23:10-11 bevraagteken nie maar het te doen met die 'status' (mag) van die volk se leiers.

Die kernvraag is of kerkrade wat hierdie paradigmaskuif gemaak het, ooit weer na die *Primus inter pares* beginsel gaan terug keer indien hulle suksesvol was met die aanstelling van die regte leraar in so 'n leierskapsposisie. In die korporatiewe wêreld is dit ondenkbaar dat 'n groot onderneming sonder 'n leier, of direkteure almal op gelyke vlak kan funksioneer. Dit is vreemd dat die kerk in die breë nog nie hierdie skuif gemaak het nie en volhard met 'gelyke gesag' onder al die leraars van die gemeente. Die praktyk (waaroor die kerk eerder swyg) leer dat min medeleraarverhoudings wat op die *Primus inter pares* beginsel gevestig is, regtig suksesvol is.

Die grootste kritiek teen die kapelaanbediening in die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die vorige bedeling was dat range aan die leraars toegeken is. Leierskap is egter hierdeur bevoordeel.

'n Gevolg van die beginsel van 'gelykheid' onder leraars kan dalk uit die volgende berig uit die **Vrye Afrikaan**, 19 Augustus 2005:1, afgelei word:

> ***Opstand in die NG Kerk***
> *Die rooi ligte brand vir die NG Kerk. Terwyl die topstruktuur sy uiterste bes doen om 'n beeld van eenheid en eensgesindheid na buite te kaats, is daar – selfs tot binne die geledere van die moderamen – geluide dat 'n dringende buitengewone sinode nou belê moet word, sodat die NG Kerk oor kernsake, soos sy Belydenisskrifte en gereformeerdheid per se (en dus sy toekoms) kan besluit.*

Daar word verwys na watertrappery en algehele verwarring oor 'n veelheid van kwessies onder kerkleiers. Die veelheid van menings oor homoseksualiteit, Skrifgesag (opstanding, maagdelike geboorte), 'kerkskeuring', die *get together* vir predikante in Bloemfontein in Augustus 2005, asook wydverspreide klagtes oor die teologiese onderrig aan teologiese fakulteite, het onsekerheid gebring.

*Die waarheid oor 'n leier wat almal gelukkig probeer hou, het na die oppervlak gekom. Coenie Burger, Voorsitter van die Moderamen, se 'huis met vele kamers' teorie – of akkomodasieteorie – maak helaas van hom 'n allemansvriend – dermate dat hy in sy binnekringe erken het dat, as hy nie daarin sou slaag om die eenheid te bewaar nie, hy sy goed gaan vat en loop. Vir dié sort van konflik sien hy nie kans nie,* (**Vrye Afrikaan** 19 Augustus 2005:1). Eenheid bo alles en alles vir vrede?

- 'n Klassieke voorbeeld van leierskap onsekerheid in die NG Kerk word weerspieël in die verskoning wat die moderamen oor die 'verwarring' vra na die voorlegging van Kobus Gerber en Ben du Toit oor die verbintenis van gay pare aan die Parlement.

*Die moderamen het toegegee dat die kerk se voorlegging oor gay verbintenisse verwarring onder lidmate kon skep en het lidmate verskoning gevra indien dit die geval was.*

*Die moderator van die vorige Algemene Sinode, Coenie Burger, het namens die moderamen gesê die voorlegging kon op meer as een punt waarskynlik anders gestel gewees het.*
*Oor die gay kwessie en gay verhoudings kon ons nie namens die kerk 'n standpunt inneem nie. 'n Besluit hieroor gaan eers by die volgende Algemene Sinode geneem word.*
*Die moderamen sê Gerber en du Toit het geensins buite hulle mandaat opgetree toe hulle die voorlegging gemaak het nie. Die twee amptenare se integriteit is ook nooit deur die moderamen bevraagteken nie* (**Kerkbode** 9 Februarie 2007).

Kerkleiers (predikante) druk 'n eie stempel op hul gemeentes af. Daarom was dit byvoorbeeld moontlik vir Jannie Pelser om op sy eie verskoning aan die AGS te bied oor 'n saak wat hom persoonlik gehinder het. Die gesagsliggame van die NG Kerk het geen leiding in hierdie verband aan leraars gegee nie. Die Algemene Sinode het tot op datum waarskynlik nie so 'n verskoning oorweeg nie.

- Uit hierdie gebeure ontstaan 'n vraag: Hoe funksioneer kerkleierskap binne situasies soos hierdie? Moet Pelser tereggewys word oor wat hy aan Izak Burger gesê het, of moet dit gesien word in die lig van 'n individu wat toenadering gesoek het. Die probleem is egter dat die samelewing (en kerkleiding) in die media daarvan kennis moes neem. Die gebeure het onmiddellik 'n vraag oor kerkleierskap in die breë geplaas.

Leierskap gaan in die beginstadium van die nuwe *societas*-fase van kerke vereis dat leiers 'n duidelike identiteit sal moet hê en dat die strukture wat hulle as ondersteuning gebruik, deur die kerk in die breë aanvaar sal word as deel van die poging om die kerk relevant te hou in die huidige post-moderne tyd. Natuurlik sal plattelandse gemeentes met veel eenvoudiger strukture en leierskapselemente funksioneer in teenstelling met groot rand-stadsgemeentes wat duisende lidmate moet akkommodeer.

Dalk word die probleem van die NG Kerk se leierskap vasgevat in die inleidende paragraaf oor die standpunt wat die kerk nou oor misdaad inneem. *Die kerk gaan 'n kommissie aanstel om 'n studiestuk voor te berei oor die gereformeerde siening van protes teen geweld en misdaad ten opsigte van selfbeskerming. Die verslag sal in Junie 2007 aan die Algemene sinode voorgelê word* (**Kerkbode** 9 Februarie 2007).

Teen die tyd dat die kommissie sy 'indringende' studie afgehandel het, is die geleentheid om relevant te wees verby. Die druk op die regering is nóu op 'n hoogtepunt en betekenisvolle bydraes oor misdaad moet dadelik gemaak word.

**2.8 Samevatting**

- Die NG Kerk bevind haarself in 'n totale nuwe herposisionerings proses wat nie alleen politieke, sosiale en maatskaplike verandering teweeg bring nie, maar wat te midde van die onsekerheid van die post-moderne tydvak waarin die kerk 'n bediening beoefen, ook verandering in aanbidding styl, teologiese besinning en bediening vereis. Vir baie lank was die oriëntasie van die kerk landelik met 'n tipe tradisionele volkskerk styl.

- Van die outoritêre leierskap struktuur van voor 1994, waarin die rangorde van Algemene Sinode, Streek Sinode, Ring en Kerkraad gegeld het, met ŉ noue verbintenis aan die owerheid se ideologie, is daar die afgelope tien jaar gevorder na een waarin kerkrade al hoe meer outonome besluite oor gemeentelike, kerkorganisatoriese en teologiese aangeleenthede neem. Die simbiotiese verbintenis van kerkleierskap in die kerkverband waarna verwys is op bladsy 20 werk egter deur van die beleidmakende liggaam tot in die plaaslike gemeente. Indien daar nie duidelikheid oor sake in die beleidsaal van die kerk is nie sal die plaaslike gemeente verward wees.

- Die vraag wat onmiddellik na vore kom is of die NG Kerk wel voldoende aangepas het in ŉ totale veranderende samelewing na 1994. Die effek van die verandering het die lidmate op baie vlakke geraak. Omdat min dinge in die samelewing nie verander het nie, is die kerk ook onderhewig hieraan. Vanuit ŉ tyd van sterk, inspirerende en outokratiese leierskap word daar nou beweeg na ŉ tipe dienskneg-leierskap styl wat mense bewus maak van ŉ nuwe rol wat die kerk moet speel. Die sukses hiervan het nog nie in die breë in die kerk neerslag gevind nie. Kerke met gereformeerde agtergrond is waarskynlik die moeilikste 'organisasie' om verandering te vestig.

- Küng (1970:149) vra of die kerk in hierdie omstandighede ŉ *toekoms* het? Hierdie vraag is relevant in ons huidige tydsbestek se soeke na die sin van kerkwees en die bepaling van wat kerkleierskap behoort te wees. Hy stel dit duidelik dat die kerk ŉ *hede* het. Dié hede pas in by die lewensaktualiteite en omstandighede waarin lidmate lewe. Dien die kerk en haar leierskap lidmate met ŉ bediening wat in die tydsgewrig pas? Dit is die kernvraag.

- Op sy onlangse besoek aan Suid-Afrika by die NG Gemeente Skuilkrans in Pretoria het George Barna gesê: Al hoe meer mense word moeg vir kerke wat godsdienstige speletjies speel in stede daarvan om te doen wat God van hulle verwag. Hulle verlaat die kerk om op hul eie ŉ verskil te probeer maak. In die VSA het twintig miljoen mense dit reeds gedoen (**Kerkbode** 24 November 2006). (Vergelyk in hierdie verband ook die navorsingsbevinding van Alan Jamieson op bladsy 91.)

- Wanneer kerkstatistiek in ag geneem word is dit duidelik dat die gevestigde kerke in Suid Afrika (Anglikane, Metodiste, Presbiteriane, Lutherane, Baptiste, Gereformeerde groepe en Rooms Katolieke) besig is om wat kerkgroei aan betref, op enkele uitsonderings na, in ŉ afwaartse fase in te beweeg. Daar is ŉ verskeidenheid van redes hiervoor. Afname van mense in belangstelling in die gewone kerklike praktyk, die rolverandering van die kerke na 1994, uittog van jong professionele blanke lidmate na die buiteland (vergelyk die sterk gemeente wat in Londen tot stand gekom het met talle Suid Afrikaners wat hulle daar bevind, soos ook in Australië en Kanada) die ontvolking van die platteland, wegtrek van lidmate uit die middestad na die randstedelike gebiede, is enkele van die redes wat aangegee kan word vir hierdie tendens.

- Die skynbare onvermoeë van die NG Kerk om vir lank as ŉ gesaghebbende instelling in ŉ diensknegsrol betrokke te wees in die huidige samelewing, in

teenstelling met die van vennoot soos in die politieke bedeling voor 1994, is een van die redes waarom die kerk sy saakmakende plek in die RSA van vandag kwyt is.

- *Vernuwing* binne die kerk word soms *net* verbind aan erediensgebeure. Dit strek veel wyer en sluit ook 'n vernuwing van die totale *spiritualiteit* van lidmate in. Die kerk mag nie hand in die broeksak agter die natuurwetenskap aandrentel nie, maar moet in vennootskap daarmee saam, soek na sinvolle *teologiese* antwoorde sodat die mens van die tyd sy/haar godsdienstige oriëntasie, nie los en onmoontlik van die feite van die algemene openbaring (die wetenskap), beleef nie.

- As daar een saak is wat vir die NG Kerk kan dien as wateraanwyser dat 'n volgende *societas*-fase naby is, is dit die feit dat kerkhereniging op hande is. Hierdie proses gaan die kerk verplig om oor nuwe strukture te besin en gaan spesifiek saakgerigte leierskap van die kerk vra. Wanneer die Algemene Sinode in 2007 vergader om oor kerkhereniging dialoog te voer, het die draaipunt in die *communitas*-fase vir die NG kerk aangebreek indien die hereniging binne drie jaar (geraamde tydskaal) geskied.

- Nog 'n saak waaroor leierskap in die NG Kerk versigtig reageer en min leiding gee is die vraag oor die korrekte interpretasie van die Bybelse beskouing oor homoseksualiteit.

- Hierdie vraagstuk is een van die mees intense sake wat tans in die NG Kerk beleef word omdat die regstelsel 'n Burgerlike Verbintenis tussen pare van dieselfde geslag op 14 November 2006 in die Parlement goedgekeur het. Die kerklike verteenwoordigers, Ben du Toit (Parlementêre verteenwoordiger) en Kobus Gerber (Sekretaris van die NG Kerk) het 'n voorlegging aan die Parlementêre Komitee gedoen oor die aangeleentheid en gevra dat hierdie nuwe verbintenis ingelyf word by die Huwelikswet van 1961.

- Indien daar 'n gemeenskaplike deler gekies moet word oor gemeentelike ervaring gedurende die afgelope twee dekades, is dit die verandering wat in die erediensstyl van die NG Kerk ingetree het. Hierdie verandering, vernuwing of Renaissance het min gemeentes onaangeraak gelaat.

- Dit is 'n feit dat elke NG Gemeente vandag haar eie identiteit bepaal. Laasgenoemde hang af van die konserwatisme of verligtheid van die leraars en die gemeente se Kerkraad. In 'n sekere sin bestaan die NG Kerk van twintig jaar gelede nie meer nie.

- Doelgerigte missiologies-gerigte leierskap is die behoefte van die kerk binne 'n communitas-fase anders verval gemeentes tot sentrifugale gerigte aktiwiteit en vind onttrekking uit die samelewing plaas.

- Leierskap gaan oor die feit dat individue die spesifieke take wat aan hulle opgedra is, uitvoer en daarvoor verantwoordelik is. Dit is wat 'accountability' beteken. Leierskap sonder verantwoordelikheid is geen leierskap nie. *Someone has to carry the ball* (Mittelberg 2000:136).

- Daar word egter van medeleraarspanne verwag om effektief te funksioneer ten spyte van die feit dat daar min kerklike riglyne bestaan om ŉ leier in medeleraarsituasies aan te wys. Binne medeleraarsverhoudinge geld dieselfde strukture as wat vir ŉ enkel leraar in ŉ gemeente geld. Dit veroorsaak dat daar gedeelde leierskap is wat beweging vertraag, bemagtiging ontbreek, en daar is ŉ gebrek aan *'accountability'*. Dit is baie 'makliker' om ŉ instansie te bedryf indien die verantwoordelikheid uiteindelik by ŉ raad lê en nie by individue nie. In ŉ volgende hoofstuk word daar na die aanwysing van ŉ leier leraar gekyk.

- Binne die NG Kerk is daar ŉ voorgeskrewe wyse vanuit die Kerkorde en Bepalings van die kerk, waarvolgens leiers verkies word. In die uitvoering van die verkiesing het vermoeë en gawes van individue tot onlangs in die *praktyk* ŉ ondergeskikte rol gespeel. Die wyse waarop nominasies vir vakatures gedoen is, is sprekende voorbeelde hiervan. Onderstaande prosesse word by die verkiesing of aanwysing van leiers gevolg:

- Die kerkordelike standpunt dat leiers in die kerk gelyke status het, geld tans in die NG Kerk. Mega en makro-gemeentes het egter die probleem dat die kerkordelike een-dominee struktuur vir gemeente leierskap, nie voldoende vir die groter leierskaps-eise en medeleraarskap is wat hulle ervaar nie.

Indien die NG Kerk relevant wil bly en deel wil neem aan die toekoms van Suid-Afrika, moet daar in die kerkleiding (van sinodale vergaderings tot op kerkraadsvlak) besef word dat die communitas-fase op paradigma skuiwe aandring. In ŉ sekere sin is die tyd waardeur die NG Kerk tans beweeg die moeilikste in haar geskiedenis maar ook die mees uitdagendste. Die navorser aanvaar die feit dat God self sy kerk onderhou, maar dan nie noodwendig volgens die oorgelewerde kerklike tradisies nie. Die identiteit van die kerk en haar leiers in die volgende *societas*-fase sal bepaal word deur eietydse relevansie. Dit geld veral ten opsigte van sinvolle hermeneutiese interpretasie van die Bybel vir ons tyd.

Leierskap in die kerk (van Sinode tot op kerkraadsvlak) is simbioties verbonde, onderskei maar nie geskei van mekaar nie. Leierskap is soos suurdeeg wat dwarsdeur ŉ brood moet versprei om doeltreffend te wees. Vanweë die agtergrond oor leierskap in die kerk soos in die voorafgaande hoofstukke beskryf, lê die kairos-moment veral voor die deur van die plaaslike gemeente omdat sy in die eerste instansie die *lidmate* van die kerk moet begelei in die relevante problematiek van die dag. Hierdie leierskap is die verantwoordelikheid van die ampsdraers in die plaaslike gemeente, die leraar en kerkraad. Hulle moet bemagtig word deur beleids-leierskap om leiding te *kan* gee. Die navorser ontwikkel in die volgende hoofstukke ŉ ondersteuningsmeganisme om die leraar en kerkraad hiermee by te staan deur hulle identiteit te versterk.